Amerikaans-Chinese wedywering: ’n Sistemiese en teoretiese ontleding

Fanie Herman

Fanie Herman, Departement Politieke Studies en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Hierdie artikel bied ’n ontleding van die wedywering wat tussen Amerika en China plaasvind. Die hoofdoelwit is om die wedywering op ’n internasionale sistemiese vlak te verklaar deur gebruik te maak van perspektiewe uit die Amerikaanse administrasie se Nasionale Veiligheid-strategie (NVS). Die sekondêre doelwit is ’n ontleding van die teoretiese waarde van die wedywering aan die hand van insigte uit die studieveld van Internasionale Verhoudinge (IV). Derdens word gekyk na die implikasies van die doelwitte vir Afrika met spesifieke verwysing na China se skulddiplomasie en ander gebiede van interaksie. Samewerking vind ook plaas in Gordel-en-pad-inisiatief (GPI)-projekte. Dit word as ’n positiewe aspek uitgelig. Amerika voer aan dat China as ’n mededinger in plaas van ’n vennoot gesien word. China se internasionale ekonomiese en politieke invloed het in die laaste dekades teen ’n geweldige tempo gegroei en word deur die Amerikaanse administrasie beskou as die opkoms van hernude geopolitieke wedywering. Om dié rede het Amerika nodig om sy rol in die wêreld weer na waarde te skat en dit word gedoen op grond van beleid en strategiese voorstelle in die NVS. Die huidige NVS word as primêre bron gebruik, terwyl ander bronne wat die wedywering ontleed as sekondêre bronne gebruik word. Die veiligheidstrategie verwys ook na wedywering in Afrika en die doelwitte wat geformuleer is om Amerikaanse invloed te laat geld.

Die Prosper Africa-inisiatief (PAI) is ’n hoofdoelstelling van die Amerikaanse regering en poog om ekonomiese en handelsbetrekkinge te bevorder. China se ekonomiese diplomasie is ook die hoofaandrywer van sy verhoudinge met Afrikalande. Tydens die laaste twee vergaderings van die Forum vir China-Afrika-samewerking het China byvoorbeeld 60 biljoen Amerikaanse dollar aan Afrikalande beskikbaar gestel. Die ontwikkeling wat befonds word, wissel van infrastruktuur tot nywerhede, landbou, handel, omgewingsbewaring, gesondheid, onderwys en vrede en veiligheid.

Van die bevindinge van hierdie artikel is dat wedywering ’n bedreiging vir veiligheid inhou; onder andere, Amerika se vermoë om militêre teenwoordigheid te handhaaf en skulddiplomasie

wat Amerikaanse maatskappye ontneem van mededingende voordeel. Die wedywering skep nuwe ekonomiese modelle gebaseer op streekshandelsgroeperings wat kan lei tot deglobalisasie en ’n nuwe internasionale politieke orde: aan die een kant die oorheersende invloed van Amerikaanse waardes en norme en aan die ander kant die opkoms van ’n nuwe Chinees-gesentreerde wêreldorde.

Trefwoorde: Amerika se Afrikastrategie; China se internasionale ambisies; grootmoondheidwedywering en die teorie van internasionale verhoudinge; Nasionale Veiligheidstrategie (NVS) van Amerika; Sino-Amerikaanse wedywering; sistemiese en teoretiese ontleding

Abstract

American-Chinese competition: A systemic and theoretical analysis

This article provides an analysis of the competition that takes place between America and China. The study is divided into three main objectives. The first objective is to analyse the competition on an international, systemic level by using perspectives from the American National Security Strategy (NSS). The second objective is to use insights from the field of International Relations (IR) to provide a theoretical analysis and the third objective is to examine the implications of the competition for Africa.

After slightly longer than two decades of geopolitical tensions and competition between Washington and Beijing, the American administration has declared China a revisionist state. China’s goal is to challenge and undermine America’s influence in strategic areas of the world. In order to retain its superpower status, America needs to re-evaluate its current role in world politics. Perspectives from the NSS are used to analyse this competition because the document outlines America’s international goals and interests. It further provides direction for agencies to approach the international political and strategic environment in a secure manner. America approached China as an economic partner during previous administrations; however, reforms in China’s foreign policies, the joining of international organisations, economic growth and military modernisation changed the approach from partner to competitor. America views China’s hegemonic ambitions as a threat and has to implement strategies and policies to counter this threat.

The NSS argues that it is in the interest of America to maintain the liberal international order through projecting power and promoting strong diplomatic relations. The document further highlights that coordinated action between America and its allies could expose the true intentions of China. In a further step, America should disconnect its economy from China to protect its defence capabilities rather than maintain global trade networks. China undermines the international economic order through the pursuit of regional trade groupings, for example Brazil, Russia, India, China and South Africa (BRICS), special economic zones in Southeast Asia and the Belt and Road Initiative (BRI).

America has strategic, economic, political, and humanitarian interests in Africa. Knowledge and awareness of Africa is essential for formulating a policy that can protect and advance strategic and security goals. In view of this, the American administration has formulated an

African policy. This policy aims to maintain and strengthen ties with African countries and focuses on three main areas: first, improving trade and commercial ties, second, combating terrorist threats and Islamic extremism, and third, using American dollars for investments and economic opportunities. On the other hand, China is also actively engaged on the African continent and pursues goals that are largely in conflict with those of America. China's defence strategy emphasises America's smaller focus on combating terrorism and extremism and greater focus on possible conflict with China and Russia. In Africa, China has built the Djibouti military base and signed strategic partnerships with a host of African countries.

The economic and military rise of China poses a threat to America and impacts the shift of power in the international system. This shift is evident in both countries' ambitions to become the dominant world power and secure their international interests. The American military is still used as a force to create stability and security in conflict areas, for example fighting terrorism and Muslim extremism, rather than promoting American interests and values. This is in contrast to the Chinese method of using economic means, for example the BRI, to first gain influence and then establish economic dominance in countries along the routes.

International technological leadership is a major field of competition between the two countries and rooted in the pursuit of market dominance. Technological competition is a quest for security and aims to establish geopolitical influence in countries where citizens depend on digital products and services provided by either America or China. In this regard, the development and use of technology is increasingly connected to the politics and ideology of the superpower. Technological competition becomes part of a system that opposes or accepts the political order: the relationship between state and community, and between government and citizens.

America with its liberal, democratic system and China with its authoritarian, communist regime show that the political/ideological dimension is a significant factor in the competition. The Chinese government declared technological development as a national asset under the leadership of President Xi Jinping. This means that technological security is placed in the same domain as national security. The "Made in China 2025 Policy" is a manifestation of the importance China attaches to technological development. Businesses are encouraged to develop local technologies in order to reduce dependency on foreign markets.

Power as a concept in IR theory plays an important role in this competition. The modern discourse of power refers to the economic and military capabilities of states. Both countries have the means to exercise international economic and military influence. In Africa, power is used to manage and mobilise resources for strategic outcomes. For example, China's economic diplomacy is an important instrument in infrastructure development and the BRI, while America's African Command Center (AFRICOM) is an instrument to combat extremism and the training of local armies. States that have the ability to utilise and change between military, economic and cultural power on an international scale are considered superpowers.

The NSS adopts principled realism as its main theoretical argument. This is because realism recognises the central role of power in international politics, confirms that sovereign states are the best hope for peace in the world, and spells out the national security goals of America in clear terms. An important aspect of the NSS is America's ability to strategically compete with China. China's military power currently does not equate to that of America but could overtake American defence spending in the next few years. Although the document theoretically departs from realism, concepts of constructivism are also used. This is seen in the promotion of cultural

interaction, the sharing of ideas, interests and identity. Liberalism is rejected because regional and international organisations' collective nature undermines America's dominant position and dictation of rules.

The development of a Chinese IR theory can explain the country's views on international relations and what approaches to follow in managing relations with America. Of particular importance is China's views on the international order. The liberal international order created by America is rejected because it is viewed as a threat to the communist ideology and the continuity of the one-party state. Chinese scholars also use realism to explain power competition with America. The two countries observe the international system and security through different lenses, which leads to different interpretations of each other's ambitions and intentions. A difference in the economic and political policy agendas of the two countries is used as a last approach.

The American administration's decision to downsize its African involvement gives China more opportunities to enter the African marketplace and increase military engagement. China is achieving great success with its economic diplomacy and other forms of soft power, for example cultural and public diplomacy. In addition, China will continue to promote cooperation with African countries under the BRI. From the American point of view, the Prosper Africa Initiative holds great promise to increase American-African trade and strengthen bilateral economic relationships. America has the ability to retain a competitive advantage over China if all the instruments of national power is used.

Finally, American-Chinese competition is growing from regional to international conflict. This competition for influence is particularly noticeable in the ideological differences between the two countries and international leadership in technology. The competition is stronger from the American administration. Both countries are also engaged in a battle for international military dominance, which affects international security. The strategic competition creates new models based on regional trade groupings which can lead to deglobalisation and a new international economic and political order: on the one side the current American liberal international order and on the other side the establishment of a China-centred international system.

Keywords: America's African strategy; American-Chinese competition; China's international ambitions; great power competition and international relations theory; National Security Strategy (NSS) of America; systemic and theoretical analysis

1. Inleiding

Die NVS word sedert 1987 deur Amerikaanse administrasies gepubliseer as die primêre bron wat die veiligheid en welvaart van Amerika uitspel. Die waarde van die NVS is daarin geleë dat dit Amerika se internasionale doelwitte en belange bekendstel en rigting aan agentskappe verskaf om die internasionale politieke terrein op 'n veilige manier te benader. Die oorhoofse doel van die strategie is om Amerika veiliger vir sy burgers te maak, politieke en ekonomiese vryheid te verseker, vreedsame verhoudinge met ander lande te sluit en respek en waardigheid onder alle mense te bevorder (trumpwhitehouse.archives.gov.2017). Rusland en China reik soortgelyke dokumente uit om hulle internasionale veiligheidsdoelwitte bekend te stel. Die

skepping van ’n veilige internasionale politieke en ekonomiese omgewing is die hoofoorweging en dit sluit aan by die NVS van Amerika.

Na effens langer as twee dekades van geopolitieke spanning en agterdog tussen Washington en Beijing, het die Amerikaanse administrasie verklaar dat China ’n revisionistiese mag is. Die doel is om Amerika se invloed in strategiese gebiede van die wêreld uit te daag en te ondermyn (trumpwhitehouse.archives.gov.2017). Die gevoel onder Amerikaanse regeringsamptenare in die laaste helfte van die 20ste eeu was dat China as ’n ekonomiese vennoot benader moes word om samewerking te bevorder. China se toetrede tot die internasionale ekonomiese en politieke terrein en die land se strewe om met ander lande saam te werk, het as motivering gedien.

Amerika was bereidwillig om China te help in sy strewe na grootmoondheidstatus. Die transformasie van vennoot na strategiese mededinger het sy oorsprong min of meer in die begin van die 21ste eeu gehad. Redes vir die verandering in beleid was China se toelating tot die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO), die ekonomiese oplewing in die land wat sy uitvoere aansienlik versterk het en die strewe na militêre modernisasie. Wat opval, is dat die hegemoniese strewes van China deur Amerika as ’n bedreiging begin sien is. Vandaar ook die veelvuldige verwysings in die akademiese omgewing en media na die Chinesebedreigings-teorie (“China Threat Theory”) (dod.defense.gov.2018).

Die Bush- en Obama-administrasies was bewus van die opkoms van China as ’n groot-moondheid, maar het gepoog om sterker en versigtiger verhoudinge met China te sluit, byvoorbeeld president Bush se versoeningsbeleid en Obama se Asië- herbalanseringstrategie (trumpwhitehouse.archives.gov.2017). Bogenoemde beleidsrigtings was as primêre bronne in die NVS’e van presidente Bush en Obama opgeteken. In die geval van Bush is bogenoemde beleid in die NVS van 2006 afgekondig, en in die geval van Obama in die NVS van 2015. Ten opsigte van Afrika, het die Bush- en Obama-administrasie sterk klem gelê op die bekamping van terrorisme, die uitwissing van Moslem-ekstremisme, die beveiliging van Amerika se olie-invoere en humanitêre hulpverlening.

Met China se aggressiewe toetrede tot Afrika, twee dekades gelede, het die land begin om sterk vennootskappe met Afrikalande te sluit. Dit het Amerika se mededingende voordeel geknou. Amerika het wel in die laaste dekades verskeie programme en aanvoorwerk van stapel gestuur om Afrika ekonomies by te staan, maar dit word oorskadu deur China se gebruik van ekonomiese diplomasie, sagte mag en toenemende militêre teenwoordigheid (Tellis, Szalwinski en Wills 2020:5–7). China gebruik byvoorbeeld die GPI om infrastruktuur in Afrika op te rig vir die bevordering van besigheid en handel. Verder ondersteun die GPI China se pogings om omvattender ekonomiese verhoudinge met Afrikalande aan te knoop. Massiewe hulpbronne word beskikbaar gestel om die GPI ’n aandrywer van ekonomiese groei te maak, insluitende miljoene Amerikaanse dollar vir beleggings in die projekte en die verskaffing van werksgeleenthede aan plaaslike werkers (Enderwick 2018:447–50).

Met die globale pandemie het die fokus verskuif na die verbetering van interpersoonlike verhoudinge tussen Afrikane en Chinese, die uitruil van kennis en solidariteit met die Chinese manier van regering en die skep van ’n nuwe stel internasionale norme en standaarde. Aan die ander kant is daar ook geopolitieke oorwegings, soos byvoorbeeld die rol wat die GPI speel in die beveiliging van roetes en beheer van die besigheids- en politieke landskap. Verder is die Chinese weermag nou aktief in Afrika betrokke en dit wissel van die ontplooiing in vredesendings tot die beskerming van Chinese fasiliteite en toerusting. China se militêre basis

in Djiboeti is onder andere gebou om as logistieke en ondersteuningsbasis vir Chinese troepe op die vasteland te dien. Volgens kundiges gaan die Chinese weermag ’n groter rol speel in die toekomstige beveiliging van Chinese belange op die kontinent (Flint en Zhang 2016:5–8).

Figuur 1. Volledige kaart van die GPI-roetes (Bron)

Die NVS voer aan dat dit in die belang van Amerika is om die liberale internasionale orde te handhaaf deur middel van magprojektering en die bevordering van sterk diplomatieke verhoudinge. Die dokument lig verder uit dat gekoördineerde optrede tussen Amerika en sy bondgenote die wanpraktyke van China aan die kaak kan stel. In ’n verdere stap behoort Amerika sy ekonomie van China te ontkoppel. Dit is hoofsaaklik om sy verdedigingsvermoëns te beskerm eerder as om globale handelsnetwerke in stand te hou, wat in elk geval ondermyn word deur Beijing se strewe na die oprigting van streekshandelsgroeperinge, byvoorbeeld Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika (BRICS), spesiale ekonomiese sones in Suidoos-Asië en Afrika en die GPI (Tellis e.a. 2020:4).

’n Vergelykende verklaring van Amerika en China se Nasionale Veiligheidstrategieë is nodig om die wedywering in konteks te plaas. Die volgende deel kyk kortliks na China se 2019-Witskrif oor Verdediging wat ’n direkte antwoord op Amerika se NVS van 2017 is. Die dokument is die primêre bron van die Chinese regering wat China se internasionale veiligheidsposisie evalueer. Die huidige dokument beklemtoon die kleiner fokus van Amerika op die bekamping van terrorisme en ekstremisme en die groter fokus op moontlike konflik met China en Rusland. Dit beklemtoon die feit dat Amerika en China nou wedywer vir grootmoondheidstatus en dat China Amerika se militêre gesag uitdaag (The State Council Information Office of the People’s Republic of China 2019).

China beskou Amerika as ’n internasionale, strategiese mededinger. Amerika het sy nasionale veiligheids- en verdedigingsbeleid aangepas om voorsiening te maak vir wedywering. Van die

stappe wat Amerika geneem het, is: die uitlokking van wedywering tussen ontwikkelde lande, ’n verhoging in die verdedigingsbegroting en die voorsiening van addisionele hulpbronne in kern-, ruimte-, kuber- en missielverdediging. Die witskrif stel dit dat die modernisasie en uitbreiding van die Chinese weermag in ooreenstemming met die doelwitte van ander ontwikkelde weermagte van die wêreld is. Die oogmerk is vrede en harmonie met ander lande van die wêreld en nie militêre of ekonomiese oorheersing nie.

Die witskrif lê nuwe klem op die Chinese vloot se gevegsgereedheid en opleiding en sê dat hulle binnekort gereed gaan wees om Amerikaanse aggressie in die Suid-China See en Stille Oseaan teen te staan. Die witskrif kyk ook na ander gebiede van die wêreld. Dit dui byvoorbeeld aan dat die Chinese weermag ’n belangrike taak vervul om China se oorsese belange te beskerm. In Afrika is die logistieke en ondersteuningsbasis in Djiboeti gebou om Chinese soldate in die omgewing van die horing van Afrika, die Golf van Aden en Yemen te ontplooi. China het gas- en oliebelange in die streek. Die witskrif is meer gematig as die Amerikaanse dokument en sien die bevordering van militêre verhoudinge met Amerika as deurslaggewend om internasionale vrede en stabiliteit te handhaaf. Die verhoudinge word geëvalueer in terme van die beginsels van nie-konflik, nie-konfrontasie, wedersydse respek en wen-wen-samewerking. Ten slotte identifiseer die witskrif Amerika egter as ’n strategiese mededinger (The State Council Information Office of the People’s Republic of China 2019).

Die struktuur van die artikel sien soos volg daar uit:

1. Afdeling twee bespreek die kerngebiede van die NVS en hoe dit op die wedywering tussen Amerika en China van toepassing is. Die Amerikaanse administrasie se Afrika-beleid, die PAI en invloed op streeksorganisasies word ook in die afdeling behandel. Kenners van China se internasionale verhoudinge het in die laaste aantal jare begin om ’n Hoofstrategie (“Grand Strategy”) vir die land te formuleer. Dit sluit China se internasionale politieke, ekonomiese en militêre doelwitte in. Die kernaspekte van die strategie in terme van samewerking en konflik met Amerika word in dié afdeling ontleed.
2. Afdeling drie is die sentrale tema van die artikel en ontleed magswedywering in die konteks van sistemiese en internasionale veiligheidsfaktore. China se skulddiplomasie en die impak van die GPI op Amerikaanse maatskappye werksaam in Afrika word as twee gevallestudies aangebied.
3. Afdeling vier bied teoretiese insigte uit die veld van IV om ontledingswaarde aan die artikel toe te voeg. Eerstens word ’n tipologie van mag opgestel met ’n vergelykende ontleding wat volg. Voorbeelde wat die magswedywering tussen Amerika en China kenmerk, word genoem. Tweedens word die Amerikaanse administrasie se veiligheids-doelwitte aan die hand van IV-teorieë verklaar en laastens word ’n teoretiese waarde-bepaling van China se sieninge oor IV-teorie gegee. Die aandrywers van strategiese wedywering met Amerika is die kern van die laaste deel.
4. Die gevolgtrekking dui aan dat Amerika se besluit om sy aktiwiteite in Afrika af te skaal, die deur vir China oopmaak om voort te gaan met sy besigheidspraktyke. Aan die ander kant hou die PAI belofte in en kan Amerika weer ’n belangrike rolspeler op die Afrikakontinent raak. Die hoofdoelwit is om die magsvertoon van China teen te staan en dit kan bereik word deur terug te keer na strategiese magspel en die gebruik van al die instrumente van nasionale mag.

2. Die huidige NVS

Die administrasie se nasionale strategie fokus daarop om die Amerikaanse hartland te beskerm, welvaart te skep, vrede na te streef en internasionale invloed uit te brei. Gesien in die lig van Afrika se groeiende belangrikheid in ’n intergekonnekteerde wêreld, is dit wys vir Amerika om sterker na vore te tree om sy ekonomiese, veiligheids- en ander belange te beskerm. Volgens die leerskool van realisme in IV, word nasionale belange bepaal deur die hoeveelheid mag wat ’n staat besit. Mag is ’n dinamiese konsep en beklemtoon die feit dat state gemotiveer word deur eiebelang en nie morele en etiese strewes nie. Die menslike element speel ’n minder belangrike rol om die internasionale gedrag van lande te verklaar (Morgenthau 2005:10). Henry Kissinger, ’n voorste kenner van die leerskool van realisme, verklaar dat die veiligheid van ’n land bepaal word deur die sterkte van die land se nasionale belange (Kissinger 1995:182). Nasionale veiligheid is die vermoë van die land om sy ekonomiese verhoudinge met die res van die wêreld te handhaaf en om sy instellings, wyse van regering en internasionale aansien, sonder ontwrigting deur buitelandse inmenging, te beskerm (Wolfers 2014:27).

2.1 Kerngebiede van die NVS

Die sentrale argument van die NVS fokus op die verhoogde wedywering wat tussen lande en veral grootmoondhede in die wêreld plaasvind. Die dokument voer aan dat Amerika homself moet voorberei vir wedywering in gunstige en ongunstige situasies. Die dokument fokus op vier pilare (gebiede van nasionale belang): eerstens, die beskerming van Amerikaanse territoriale gebiede deur soewereiniteit en lewenstandaarde te handhaaf; tweedens, die bevordering van die land se welvaart deur sterk ekonomiese programme en aansporingsmeganismes in te stel; derdens, die strewe na vrede en goeie regering deur diplomatieke kanale en vierdens, die bevordering van Amerikaanse invloed deur sosiale en kulturele interaksies met ander lande (brookings.edu.2017). Die vier pilare word gekenmerk deur oorsaak-en-gevolg-verhoudinge en is nie daarop ingestel om verhoudinge met ander lande af te skeep nie; dit slaan ’n nuwe rigting van beginselvaste realisme in wat gedryf word deur resultate en nie ideologie nie (Mc Innis 2017). Die leerstelling spruit voort uit die oortuiging dat ’n sterk plaaslike ekonomie noodsaaklik is om Amerika se magsposisie in die wêreld te verbeter. Slegs met ’n stewige ekonomie en veiligheid by die huis kan vrede deur mag en Amerikaanse belange in die wêreld nagestreef word (wsj.com.2017).

Die inleiding van die NVS noem dat wedywering tussen grootmoondhede aan die toeneem is. Amerika se huidige bondgenote word nie eens genoem as strategiese vennote nie. Dit is ’n wêreld waarin China en Rusland Amerikaanse mag uitdaag en die besluit is geneem om verhoudings met mededingers te hersien, of dit nou voordelig is of nie (brookings.edu.2017). Die NVS lig uit dat grootmoondheidwedywering sy hoogste vlak in 20 jaar bereik het en dat Amerika voorbereid moet wees om sy belange te beskerm. Die veronderstelling is dat wedywering in goeie gees en sonder uittarting plaasvind, alhoewel dit nie altyd moontlik is nie.

Amerika sal politieke, ekonomiese en militêre mag gebruik om te verseker dat die wêreld nie deur een grootmoondheid oorheers word nie (Mc Innis 2017). Aan die ander kant impliseer wedywering nie altyd vyandigheid en konflik nie. Deur ferm en met vertroue op te tree kan wedywering effektief bestuur word en dit sal lei tot vrede en samewerking. In die NVS word na die wêreld verwys as ’n konglomerasie van state, nie-regeringsorganisasies en besighede wat wedywer vir voordeel. Dit is nie die globale gemeenskap wat deur liberalisme in IV voorgehou word nie (McMaster en Cohn 2017). Die NVS beklemtoon dat China en Rusland

'n ernstige bedreiging vir Amerika inhou. Alhoewel verhoudinge met die twee lande problematies is, wil beleidsmakers graag 'n balans tussen samewerking en wedywering skep (McMaster en Cohn 2017). Beide die lande word as revisionistiese moondhede gesien wat die mag, invloed en belange van Amerika uitdaag.

Waarnemers van IV onderskei tussen revisionistiese en status quo-state. Revisionistiese state wil graag veranderinge in die heersende internasionale orde sien: veranderinge van reëls en norme, die verdeling van goedere en voordele, die struktuur of hiërargie, status en reputasie, en die verdeling van grondgebied tussen soewereine entiteite. Aan die ander kant wil status quo-state die heersende internasionale orde en verdeling van mag behou. 'n Ontleding van state as revisionisties of status quo kan belangrike uitkomste in die internasionale politiek verklaar, soos byvoorbeeld oorlog en vrede (Collins 2010).

Wat is Amerika se posisie? Die heersende internasionale politieke en ekonomiese orde is grootliks die resultaat van Amerikaanse invloed en mag wat in die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog tot stand gekom het. As voorbeelde kan gekyk word na internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies (VN), die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) en 'n veiligheidsorganisasie soos die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO). Die organisasies is met Amerikaanse kennis en leierskap ontwikkel en Amerikaanse administrasies wil die status quo behou. Aan die ander kant, is China 'n voorbeeld van 'n revisionistiese staat as gevolg van die uitbreiding van sy mag en invloed en pogings om die internasionale politieke en ekonomiese orde te verander.

In samehang met die NVS identifiseer Amerika se Nasionale Verdedigingstrategie van 2018 China en Rusland ook as revisionistiese state. Die dokument wys pertinent daarop dat China poog om die militêre magsbalans in sy guns te swaai, wat die land 'n sterk aanspraakmaker as revisionistiese moondheid maak (defense.gov.2018). Verder is die skep van welvaart die sentrale uitdaging vir die Amerikaanse administrasie. Van belang is dat beide dokumente inter-strategiese wedywering en nie terrorisme nie as die hoofbedreiging vir Amerikaanse veiligheid sien (defense.gov.2018). John Mearsheimer, 'n kenner op die gebied van offensiewe realisme in IV, voer aan dat China se ekonomiese mag in die toekoms na militêre mag gaan oorslaan. Strategiese wedywering vir seeroetes, bondgenote, militêre basisse en natuurlike hulpbronne gaan simptomaties van die konflik tussen die twee moondhede word. Indien China se ekonomiese en militêre magswedywering voortduur, stuur die wêreld op hernieude grootmoondheidkonflik af, soos gedurende die Koue Oorlog (Dobell 2018).

Wat is China se posisie? Onder die leierskap van president Xi Jinping openbaar China meer selfgeldende gedrag in die internasionale politiek. Ten opsigte van revisionisme is die doelwit om leierskapsposisies van internasionale liggame oor te neem en die reëls en norme van die organisasies volgens Chinese standaarde aan te pas. Voorbeelde is hervorming in die VN, beheer van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) en groter seggenskap in die IMF. Verder is die GPI China se vlagskip- ekonomiese projek en die aandrywer van sy buitelandse beleid (Wilson 2019). President Xi het herhaaldelik verklaar dat die totstandkoming van China as 'n kragtige en invloedryke internasionale rolspeler die hoofdoelwit van die Chinese Kommunistiese Party (CKP) is (Clarke 2020). Die doelwit kan bereik word indien China sy internasionale mag uitbrei om sodoende die grondslag te lê vir wedywering met ander moondhede. China daag Amerika veral uit op die gebiede van militêre en ekonomiese oorheersing (Clarke 2020).

Die rol wat internasionale instellings speel om samewerking te bevorder word erken, alhoewel die fokus ook op die versterking van bilaterale verhoudinge is (McMaster en Cohn 2017). Wedywering in plaas van samewerking beteken nie dat Amerika internasionale veiligheid afskeep nie. Die land is nog steeds betrokke by vele internasionale veiligheidskwessies, byvoorbeeld die teenwoordigheid van die Amerikaanse vloot in die Suid-China See om vryheid van seevaart te bevorder, en militêre teenwoordigheid in Afghanistan en die Midde-Ooste (wsj.com.2017).

2.1.1 Ekonomiese veiligheid is nasionale veiligheid

Amerika streef daarna om vrye en regverdige ekonomiese verhoudinge met lande in die wêreld te sluit. Washington is egter gekant teen die oprigting van streekshandelsgroeperings, omrede dit hulpbronne herlei en Amerika in die proses verswak. Die administrasie se beëindiging van lidmaatskap in die Trans-Pacific Partnership (TPP) was ’n gevolg van China se herleiding van hulpbronne in die streek. Die herleiding van hulpbronne het Amerika se posisie verswak (Stone 2018). Die NVS lig uit dat lande wat dieselfde waardes en ekonomiese beginsels met Amerika deel, voorkeurbehandeling sal geniet in die opstel van ooreenkomste en ander ekonomiese bepalings (Coats 2018).

2.1.2 Vrede deur krag

Vier aspekte is hier ter sprake: eerstens, die beskerming van Amerikaanse territoriale gebiede deur soewereiniteit en lewenstandaarde te handhaaf; tweedens, die bevordering van die land se welvaart deur sterk ekonomiese programme en aansporingsmeganismes in te stel; derdens, die strewe na vrede en goeie regering deur diplomatieke kanale en vierdens, die bevordering van Amerikaanse invloed deur sosiale en kulturele interaksies met ander lande (brookings.edu.2017). Vrede sal bewaar word deur die krag en rekonstruksie van die weermag, sodat dit voortreflik, defensief en gereed sal wees om ’n oorlog te voer. Gedurende die Koue Oorlog was die Amerikaanse weermag oorheersend ten opsigte van magsvertoon en operasionele vermoëns. In die laaste aantal jare is daar egter geopolitieke uitdagings en strawwe wedywering deur ander grootmoondhede, wat ’n groot finansiële las op die begroting van die weermag plaas. Ten spyte hiervan, bly die Amerikaanse weermag nog steeds die wêreld se militêre leier (dod.defense.gov.2018). Nog ’n bron van kommer vir die weermag is sy onvermoë om strategiese besluite te neem. Dit ondermyn Washington se invloed met vennote, skep wantroue, verswak die afskrikkingseffek van kernwapens en lok teenstanders uit om te dink dat aggressie ’n suksesvolle teenvoeter vir Amerikaanse militêre vermoëns is. Hulle mag ook dink dat Amerika nie in staat sal wees om teenaanvalle te loods nie (dod.defense.gov.2018).

Die NVS gee nie antwoorde vir die strategiese stagnasie van Amerika nie. Die dokument misluk ook om strategieë vir verskillende dele van die wêreld te implementeer. Moskou en Beijing se aksies en doelwitte word byvoorbeeld in dieselfde kategorie geplaas en daar word nie erken dat uiteenlopende verskille in die twee lande se beleidsrigtings bestaan nie. Opeenvolgende administrasies het dit moeilik gevind om ’n balans tussen ekonomiese samewerking en militêre wedywering te vind. Dit word gemeet aan die hand van China en Rusland se toenemende selfgeldende gedrag in die laaste aantal jare (worldcat.org.2018). Transnasionale en kriminele bedreigings, insluitende terrorisme, volg in ’n derde kategorie. Amerika sal aanhou om terrorisme te beveg en oplossings vir nie-tradisionele en transnasionale veiligheidsvraagstukke te vind (worldcat.org.2018).

2.1.3 Militêre vermoëns

Die militêre strategie fokus op die modernisasie van die Amerikaanse gewapende magte, ’n toename in grootte, ’n verbetering in vermoëns en algemene voorbereiding om die bogenoemde bedreigings die hoof te bied. Rusland en China maak aansienlike vordering op militêre gebied en om dié rede moet Amerika poog om ’n balans tussen ’n hoë-intensiteitoorlog met Rusland en/of China aan die een kant, en ’n lae-intensiteitkonflik wat gebruik maak van tegnologie aan die ander kant, te vind (Spoehr 2020).

2.1.4 Die bevordering van belange en waardes

Die uitbouing van Amerikaanse invloed in die wêreld sal die land veiliger en welvarender maak. Daar is verskeie verwysings in die vierde pilaar na belange en waardes, ondersteuning vir demokrasie, die beskerming van menseregte en hulpverlening aan kwesbare state (Lee 2018). Ronald Reagan se NVS het gefokus op Amerika se strewe na vryheid en welvaart, terwyl George W. Bush en Barack Obama se NVS’e gefokus het op Amerika se verbintenis om menswaardigheid te beskerm en die beginsels van demokrasie te handhaaf. Die Trump-administrasie voer egter aan dat die vernietiging van Jihad-terrorisme die beste meganisme is om menseregte te eerbiedig en demokrasie te bevorder (cfr.org.2018).

Ten spyte van die kleiner fokus op multilateralisme, bly dit steeds ’n doelwit van die regering om leierskapsposisies in internasionale organisasies te beklee. Aan die een kant is Amerikaanse leierskap voordelig vir internasionale gespreksvoering en aan die ander kant is leierskap nodig om belange te beskerm. Amerika sal om dié rede nie afstand van sy leierskap in internasionale organisasies doen nie, want dit sal ander moondhede in staat stel om voordeel daaruit te trek. Verder is dit belangrik dat Amerika invloed in die organisasies uitoefen om samewerking met ander lande te verkry (Haifa 2017). Hierdie pilaar onderstreep die belangrikheid van strategiese vennootskappe. Die regering reik ook uit na “nuwe” lande wat belangstel om verhoudinge met Amerika te sluit. Dit sluit lande in wat as gevolg van ekonomiese, politieke en veiligheidsredes kwesbaar is. Vir hierdie doel, onderneem Amerika om sy model van ekonomiese ontwikkeling aan die lande bekend te stel. Die model beweeg weg van finansiële hulpverlening na ’n model wat private beleggings aanmoedig en verder spoor dit die lande aan om ekonomies onafhanklik te raak. Ontwikkelingshulp sal op ’n voorkeurbasis aan lande gegee word wat Amerikaanse waardes en ekonomiese beginsels ondersteun (Haifa 2017).

2.2 China se houding teenoor Amerika

Na afloop van die Koue Oorlog het Amerika die wêreld se enigste grootmoondheid geword. Om dié rede het China sy buitelandse beleidsraamwerk verander om voorsiening te maak vir omvattender verhoudinge met Amerika. Die beleid moes aangepas word om ekonomiese samewerking en vennootskappe in ag te neem. Waarop die Chinese leiers baie sterk klem gelê het, was die beginsel van nie-inmenging in ander lande se huishoudelike sake. Die hoop was dat Amerika die beginsel sou respekteer en China toelaat om hulle eie plaaslike kwessies op te los. Dit het nie gebeur nie omdat Amerika voortgegaan het om wapens aan Taiwan te verkoop en ’n vlootteenwoordigheid in die Suid-China See te handhaaf (Ju 2015:87–90). Dit was die begin van die hedendaagse konflik tussen die twee lande wat nou op vele terreine van die internasionale sisteem funksioneer.

Kenners van China se internasionale verhoudinge is dit eens dat die land sy verhoudinge met Amerika moet verbeter. Die aangewese roete vir China om te volg is die uitbreiding van samewerking op gebiede van wedersydse belang en ’n aanvaarding dat die verhouding deur konflik en samewerking gekenmerk gaan word. Belangrik vir China is om Amerika nie op sy eie inisiatief te konfronteer nie. Indien Amerika wel tot mag of aggressie oorgaan, moet China gereed wees om die aksies teen te staan. Selfs al is Amerika verantwoordelik vir ’n afswaai in verhoudings, behoort China selfbeheersing toe te pas en te soek na geleenthede om die situasie te verbeter. China sal nooit ’n afdwinging van Amerikaanse gesag aanvaar nie en verwag dat Amerika China se opkomende rol in die wêreld respekteer (Men 2020:5–10).

2.3 Die Amerikaanse administrasie se Afrikabeleid

Amerika het geostrategiese, ekonomiese, politieke en humanitêre belange in Afrika. Kennis en bewustheid van Afrika is essensieel vir die formulering van ’n beleid wat die strategiese en veiligheidsdoelwitte van Amerika kan beskerm en bevorder. China is aktief betrokke op die Afrikakontinent en streef doelwitte na wat grootliks in konflik met dié van Amerika is. Dit is noodsaaklik vir Amerika om al sy instrumente van nasionale mag te gebruik om sy betrokkenheid in Afrika te handhaaf en uit te brei. Die risiko bestaan reeds dat sy belange bedreig en militêre en veiligheidsdoelwitte nie bereik word nie (Steinbock 2019).

Die Afrikabeleid fokus op drie kernpunte. Die hoofdoelwit is om Amerikaanse belange op die kontinent te bevorder deur die regte besluite te neem, die regte beleid te formuleer en beleggings reg aan te wend (Stone 2018). Eerstens gaan handel en kommersiële bande bevorder word tot wedersydse voordeel vir Afrika en Amerika. Amerika wil hê sy ekonomiese vennote moet floreer en hulle eie toekoms bepaal. Ekonomiese onderhandelinge moet gebaseer wees op wedersydse begrip en samewerking en nooit op onderdanigheid nie (Stone 2018).

Tweedens moet die bedreiging wat radikale Islamitiese terroristegroepe en gewelddadige konflik inhou, aangespreek word. Die Islamitiese Staat van Irak en Sirië (ISIS), Al-Qaeda en affiliate is almal nog aktief en beplan aanvalle op Amerikaanse burgers en teikens (Steinbock 2019). Derdens sal die administrasie seker maak dat Amerikaanse dollars vir die regte doelwitte aangewend word. Die doel is om prioriteite te identifiseer en geld daarvoor aan te wend. Die administrasie het ook besluit om vredesendingsoperasies wat onproduktief en onsuksesvol is, nie meer te ondersteun nie. Die doel met die nuwe ekonomiese beleidsrigting is om waarde vir Amerikaanse dollar te wys vir projekte en beleggings wat in Afrika aangepak word (Paquette 2019). Die eerste prioriteit van die Trump-administrasie gee spesifiek aandag aan die befondsing van strategiese vennote en resultaat-gebaseerde doelwitte. Die versterking van ekonomiese bande is nie net belangrik om geleenthede vir Amerikaanse maatskappye en werkers te skep nie, maar ook om die ekonomiese onafhanklikheid van Afrikalande te verseker.

China en Rusland is vinnig besig om hulle finansiële en politieke invloed op die kontinent uit te brei. Hulle is doelbewus en aggressief besig om groot beleggings te maak ten einde ’n mededingende voordeel bo Amerika te verkry (Coats 2018). Met ’n markaandeel van 34% is Rusland die hoofverskaffer van wapens aan Afrika. Rusland verkoop onder andere wapens aan Angola, Nigerië en Soedan. Militêre adviseurs en tegniese kundiges is ook op die kontinent bedrywig. Rusland het onlangs ’n militêre ooreenkoms met die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR) gesluit om regeringsmagte op te lei. Veiligheidsbeamptes word ook opgelei om president Faustin-Archange Touadéra te beskerm. Wat die teenwoordigheid van Russiese militêre personeel egter ongewoon maak, is dat lede van die Wagner-groep, ’n private Russiese militêre

maatskappy, bande met rebellegroepe in die noorde van die land het. Die rebellegroepe skep probleme vir Chinese oliemaatskappye wat konsessies vir ontginning in die gebied besit (Spivak 2019).

China gebruik sy ekonomiese voetspoor ook baie goed om militêre hulpverlening te maskeer; wapenverkope word byvoorbeeld gesien as ’n meganisme om ekonomiese invloed oor die Afrikakontinent uit te brei. Volgens die Amerikaanse administrasie is China se verkope van wapens aan Afrikalande besaai met onreëlmatige prosedures, byvoorbeeld gunstige finansiering, lae pryse, swak produkte en die uitruil van sleuteltegnologieë vir die aankoop van die wapens. China kan slegs ’n aandeel in Afrika se vinnig-groeiende wapenmark bekom deur sterk ekonomiese en diplomatieke verhoudinge te sluit (Hendrix 2020).

Ontledings deur die Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI) wys dat China ’n betekenisvolle maar relatief klein rol in Afrika se wapenmark speel. Tussen 2000 en 2019 het China se wapenverkope aan Afrika op 7,5% gestaan – in die vyfde plek naas Rusland se 34%, Amerika (19%), Duitsland (17%) en Frankryk (9%). China mag absolute voordeel trek uit sy ekonomiese diplomasie met Afrikalande, maar tot op hede het hy nog geen relatiewe voordeel in terme van markaandeel in wapenverkope verkry nie. China is die netto uitvoerder van wapens aan slegs ’n klein aantal Afrikalande en dit sluit Zimbabwe, Mosambiek, Namibië, Seychelles, Tanzanië en Zambië in. Hierdie verkope verteenwoordig slegs 2,5% van die totale Afrika wapenmark (sipri.org.2021).

China se vinnig-groeiende uitvoere na Afrikalande beteken dat sy belange in die lande beskerm moet word en daarvoor is militêre hulpverlening nodig. Die handhawing van ekonomiese bande met Afrika het alreeds gelei tot ’n verhoogde teenwoordigheid van die Chinese vloot in die Indiese Oseaan, die opleiding van militêre personeel in Afrika (die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) as voorbeeld) en die eerste militêre basis in Djiboeti. Chinese wapen-verkope is egter nie orals in Afrika aan die toeneem nie en is dit ’n aanname wat oordryf word (sipri.org.2021).

In Afrika fokus die NVS op die uitbouing van Amerika se ekonomiese beleid met twee vername doelwitte, naamlik wins en mededinging. In die beleidsdokument word dit uitdruklik gestel dat Amerikaanse produkte en dienste as ’n alternatief vir China se groeiende handel met Afrikalande behoort te dien. Afgesien van die voordele wat handel met Afrikalande inhou, moet maniere ook gevind word om China se groeiende ekonomiese voetspoor op die kontinent te verklein (Friend 2018).

Die afwesigheid van ’n Afrika benadering maak dit makliker vir China om sy invloed uit te brei. Amerika se benadering tot Afrika moet op die land se sterkpunte konsentreer: deursigtigheid, hoëkwaliteitprodukte en die bevordering van demokrasie. So ’n benadering kan Amerikaanse leiers insig gee om China se aktiwiteite te verstaan en te reageer op ’n manier wat plaaslike realiteite en kontekste in ag neem (Wilkins 2020). Die bevelvoerder van AFRICOM het verklaar dat teeninsurgensie-aanvalle in dieselfde lig as globale magswedywering gesien moet word. Sulke aanvalle versterk verhoudinge met belangrike bondgenote soos Kenia, Nigerië en Etiopië en gee Amerika ’n meer opmerklike rol as die verskaffer van internasionale veiligheid. Op die kort termyn sal terroristegroepe aanhou om ’n bedreiging vir Amerikaanse belange in te hou, en is dit belangrik vir die regering om ’n gebalanseerde strategie na te streef. Aan die een kant moet die weermag na die veiligheid van die plaaslike bevolkings omsien en aan die ander kant Amerikaanse belange beskerm.

Ten opsigte van die Chinese bedreiging is dit nodig vir Amerika om ’n positiewe strategie te ontwikkel wat Amerikaanse besigheidslui die geleentheid sal gee om in Afrikamarkte te belê en handelsbelange by die huis te beskerm (Szuba 2020). Dit is ’n tweerigtingstrategie. Afrika is ’n groot kontinent wat verskillende strategieë in verskillende gebiede nodig het. Die kontinent het ’n aantal strategiese knelpunte (“choke points”) en seelyne van kommunikasie (“sea lines of communication”) wat onontbeerlik vir globale handel en krities noodsaaklik vir Amerikaanse verdediging in die wêreld is. Die veiligheid en welvaart van Amerika hang af van die strategiese keuses wat die administrasie in tye van krisis maak om dié gebiede te beskerm. Amerika het histories ’n mededingende voordeel bo ander lande in Afrika geniet en moet poog om die voordeel te behou. Dit kan bereik word deur verdedigingsprioriteite op te skerp en hulpbronne aan te wend vir die magswedywering wat nou daar plaasvind (Garamone 2020).

China se ekonomiese voetspoor strek oor vele jare. Die land het Amerika in 2010 verbygesteek as Afrika se grootste handelsvennoot. China het Afrika se myn- en olie-industrieë uitgebrei in ruil vir handelsooreenkomste en ook groot bedrae geld belê in infrastruktuurontwikkeling. Alhoewel die NVS korrek is in die uitwysing van die handelswanbalans tussen Afrika en China, is 65% Afrikane van mening dat die Chinese politiek en ekonomie ’n positiewe invloed op die kontinent het. Die aanvegbare besigheidspraktyke en lae standaarde wat gehandhaaf word in die uitvoering van omgewingsimpakstudies is deel van China se verhoudinge met Afrikalande. Slegs Amerika kan China aanvat op dié gebiede en hulpbronne beskikbaar stel wat met China kan meeding (Friend 2018).

2.4 Die Prosper Africa-inisiatief (PAI)

Die PAI is laat in 2018 bekendgestel. Die inisiatief het ten doel om Amerikaanse beleggings in Afrika te bevorder, die middelklas se lewensgehalte te verbeter en besigheidsvertroue te skep. Verder kan die inisiatief help om die roofpraktyke wat deur China toegepas word, teen te werk. Die PAI moedig Afrikaleiers aan om buitelandse beleggings te kies op grond van die gehalte en deursigtigheid daarvan. Die maatreëls word nie deur China eerbiedig nie (Paquette 2019). Die begroting vir die PAI beloop 50 miljoen Amerikaanse dollar vir die 2020–21 boekjaar en het die potensiaal om veranderinge in Afrika se ekonomiese ontwikkeling en groei mee te bring. ’n Belangrike doelwit van die inisiatief is om inligting met betrekking tot ontluikende markte in te win en dan ’n kommunikasiekanaal te skep waarvolgens Amerikaanse maatskappye die Afrikamark kan betree. Die PAI het ook ten doel om die ondertekening van besigheidsooreenkomste te finaliseer, advies oor finansiële oplossings en risikobestuur te verskaf, regulatoriese en beleidshervormings te ondersteun en struikelblokke vir in-en-uitvoere te verwyder (byvoorbeeld logistieke probleme, kwotas en tariewe). Die oogmerk is om verhoudinge te transformeer vanaf hulpverlening tot volwaardige vennootskappe (Glenn 2019).

2.4.1 Struktuur

Die PAI is nie ’n nuwe buitelandse hulpverleningsprogram nie. Inteendeel, bestaande programme van 16 Amerikaanse agentskappe en departemente word in een enkele program gemobiliseer. In samehang met die United States Agency for International Development (USAID), sluit dit al die Amerikaanse handelsagentskappe in: die Export-Import Bank (EXIM), die Trade and Development Agency (TDA), die Small Business Administration (SBA) en die Overseas Private Investment Corporation (OPIC). Laasgenoemde is in ’n oorgangsfase na die nuwe US International Development Finance Corporation (DFC). Ander deelnemende agentskappe sluit in: die Office of the U.S. Trade Representative (USTR), die Millennium Challenge Corporation

(MCC), die U.S. African Development Foundation (USADF) en die Departemente van Landbou, Energie, Binnelandse Veiligheid, Vervoer en Tesourie (Glenn 2019).

2.4.2 Implementering

Die PAI Deal Teams is groepe wat getaak is om Amerikaanse firmas met handel- en beleggingsgeleenthede in Afrika te verbind, Afrikabesighede toegang tot die Amerikaanse mark te gee en kontakte tussen besigheidslui in Amerika en Afrika te fasiliteer. Elke ambassade in Afrika het ’n Deal Team, wat uit bestaande personeel saamgestel is. Washington ondersteun die inisiatiewe en help om besigheidsgeleenthede uit te brei. Amptenare beplan ook om ’n enkele skakelkantoor oop te maak en inligting oor die PAI aan belangstellendes te voorsien. USAID se sentrums in Oos-, Suid- en Wes-Afrika sal help om die inisiatief te implementeer. Noord-Afrika is nog besig met onderhandelinge en die eerste sentrums beplan om in 2021 oop te maak (trade.gov.2020). Een van die take van USAID is om interdepartementele kommunikasie tussen die Departement van Handel en Prosper Africa se beplanningskomitee te koördineer (trade.gov 2020).

2.4.3 Die PAI in perspektief

Terwyl die PAI fokus op die bevordering van privaatsektortransaksies en die koördinering van handel en beleggingsgeleenthede, is dit nie duidelik hoe die inisiatief verskil van vorige pogings om dieselfde resultate te lewer nie. USAID se Afrikasentrums is aan die begin van die 21ste eeu geloods, met die doel om handel en beleggings te bevorder, ekonomiese integrasie aan te help en Afrika se uitvoere na Amerika en andersom te vermeerder. Dit vind alles plaas onder die handels- en wetlike vereistes van die African Growth and Opportunity Act (AGOA). Die Obama-administrasie het die Trade Africa- en Doing Business in Africa (DBIA)-inisiatiewe bekendgestel, wat handelsentrums soortgelyk aan Prosper Africa regoor Afrika geskep het. Terwyl die Obama-inisiatief gefokus het op handel met Afrika, is min direkte dienste vir Amerikaanse beleggers aangebied om die mark ekonomies te ontwikkel. Die PAI het nou DBIA se funksies oorgeneem, omrede laasgenoemde in onbruik geraak het (Signé en Olander 2019).

2.4.4 Vooruitsigte en uitdagings

Op ’n institusionele vlak hang die sukses van die PAI af van die mate waarin deelnemende partye bydra om aktiwiteite te koördineer. Agentskappe maak staat op hulle ervaring en samewerking met ander ontwikkelingsinisiatiewe, soos byvoorbeeld Power Africa. Indien hulle saamwerk, sal Amerika ’n sterker teenwoordigheid in Afrika kan demonstreer. USAID en ander handelsagentskappe werk nou saam met Power Africa en daar is ’n projek van stapel gestuur wat fasilitering tussen die Deal Teams moontlik maak (Runde en Bandura 2019). Sekere van die PAI se doelwitte is makliker om te bereik as ander. Dit mag op die oog af moeilik wees om toegang tot Amerikaanse handel- en beleggingsprogramme te verkry, maar agentskappe is meer as gewillig om aansoekers te help. Die toekenning van banklenings en die aanbied van finansiële dienste is ook ’n voorkeur vir die regering, alhoewel die aanbod van privaatsektorlenings die aandrywer van rentekoersbepalings is. Ander doelwitte, soos byvoorbeeld die uitbreiding van die finansiële sektor en die verbetering van die besigheidsklimaat as ’n middel om privaatsektorgroei te stimuleer, vorm deel van die breër finansiële raamwerk. Dit verander egter nie die impak wat regeringsagentskappe in finansiële hulpverlening en administrasie het nie (Runde en Bandura 2019).

Nog ’n langtermyndoelwit is die bou van kapasiteit om deursigtigheid en die oppergesag van die reg in die ekonomiese konteks (die bekragtiging van kontrakte, eiendomsregte, anti-korrupsiewette en gelyke markaandeel vir buitelandse en plaaslike beleggers) te handhaaf. Pogings om oneffektiewe oorgrenshandelsprosedures te hervorm en die aanmoediging van Afrikastate om effektiewe handels- en beleggingsbeleidsraamwerke op te stel, is alles langtermyndoelwitte van die Amerikaanse regering (usaid.gov.2020).

Daar is sedert 2018 verhoogde uitvoere van Amerikaanse masjinerie, voertuie, vliegtuie en brandstof, terwyl Amerika ru-olie, metale en minerale en landbouprodukte invoer. Van die snelgroeiendste ekonomieë in die wêreld is in Afrika en verhoogde handel met slegs ’n paar van die lande kan die PAI sukses laat behaal. Aan die ander kant is daar nog groot strukturele en ekonomiese tekortkominge en dit maak Afrika minder mededingend as ander gebiede van die wêreld (usaid.gov.2020). Selfs in lande wat ekonomies beter presteer, is swak infrastruktuur, beperkte en onbetroubare elektrisiteitsvoorsiening, vervoer en kommunikasie struikelblokke in die verloop van die handeldryfproses (tn.usembassy.gov.2020).

Laastens het die PAI die potensiaal om handel tussen streke aan te vul en te fasiliteer. Die Africa Continental Free Trade Area (AfCFTA), wat poog om handelsversperrings tussen sy 55 ondertekenaars uit die weg te ruim, kan uiteindelik lei tot groter Afrikamarkintegrasie. Amerikaanse amptenare is optimisties oor AfCFTA se potensiaal, maar het nog nie duidelike voorstelle oor hoe die PAI by AfCFTA gaan baat vind nie. Op ’n positiewe noot ondersteun die Amerikaanse regering Afrikalande se deelname aan die WHO en dit sluit die fasilitering van handelsooreenkomste in. Die PAI kan ’n ondersteunende rol in dié verband speel (tn.usembassy.gov.2020).

2.4.5 Ekonomiese vennootskappe met Afrika

Die regering het vanaf 2017 tot dusver beduidende suksesse op die ekonomiese front behaal. Onder die Better Utilization of Investments Leading to Development Act (BUILD act), is die Development Finance Corporation (DFC) gestig, wat nuwe instrumente en hulpbronne aan die Amerikaanse regering beskikbaar stel, om ondersteuning en beleggings in die Afrikamark verder uit te brei. Dit sluit in die verdubbeling van beleggingskapitaal van 60 biljoen dollar en die toekenning van mag aan die DFC om aandelekapitaal op beleggings te beperk. Die bereidwilligheid van Amerikaanse maatskappye om projekte in Afrika te finansier, help met werkskepping en dien ook as aandrywer van die ekonomiese bemagtiging van die gemeenskap.

Die PAI slaag ook daarin om tweerigtinghandelsverkeer met Afrikastate te verbeter. Dit is die eerste keer dat Amerikaanse maatskappye in Afrika deur die regering ondersteun word (wilsoncenter.org.2020). Voorheen was ondersteuning afkomstig van private en nieregerings-organisasies. Die Deal Teams doen goeie werk om besighede te ondersteun en werk saam met plaaslike regerings om ’n klimaat vir beleggings te skep. Die Deal Teams identifiseer gebiede vir beleggings en nader dan die Millennium Challenge Corporation (MCC), wat sorg vir die transformering van die beleggings. Die AGOA is ook nou 20 jaar in werking en teen die einde van 2019 het 39 lande vir AGOA-voordele gekwalifiseer. Ander kriteria sluit in respek vir die oppergesag van die reg, handhawing van ’n markgebaseerde ekonomie, beskerming van werkers se regte en die bekamping van korrupsie (ustr.gov.2020).

2.4.6 Invloed op streeksorganisasies in Afrika

Hierdie afdeling bespreek die invloed van die PAI op die verskillende streke in Afrika. Die doelwitte van die inisiatief in streeksverband is om handel en ekonomiese geleenthede te bevorder en interstreekshandel aan te moedig. Die bevordering van beter ekonomiese inisiatiewe en integrasie van lande in die streek is ook op die agenda. Eerstens is Marokko in Noord-Afrika as ekonomiese sentrum vir die PAI geïdentifiseer. Die streek sal 500 miljoen Amerikaanse dollar oor ’n tydperk van vyf jaar ontvang om besigheidsgeleenthede, beleggings, finansiële en regulatoriese instellings te skep (Dumpis 2021).

In Wes-Afrika is Ghana, Senegal en Burkina Faso as sentrums geïdentifiseer. Danksy groei in dié lande se plaaslike markte gaan die inisiatief 300 miljoen Amerikaanse dollar beskikbaar stel om 40 000 werksgeleenthede te skep en interstreekshandel te bevorder (westafricatradehub.2021). In Oos-Afrika is Kenia geïdentifiseer om volhoubare ontwikkelingsprojekte en privaatsektorvennootskappe te bevorder (usaid.gov.2021). Die inisiatief sluit ook lande in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) in. Botswana, Namibië, Suid-Afrika en Tanzanië beskik reeds oor gevestigde handelsentrums wat die kapasiteit in die streek verder kan uitbrei en interstreekshandel kan aanmoedig (sadc.int.2019). Verdere doelwitte is om hulpbronne vir nywerhede beskikbaar te stel, kennis en tegnologie met die gemeenskap te deel, infrastruktuur op te knap, telekommunikasie en hoëspoedinternetverbindings op te gradeer en logistieke bestuur te verskaf.

As voorbeeld word gekyk na Suid-Afrika waar die Industriële Ontwikkelingskorporasie (IOK) en die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika gebruik kan word om die nywerheidsveldtog in Suidelike Afrika op die been te bring. Die Suid-Afrikaanse regering se geskiedenis van vervaardiging en hulpbronne tot sy beskikking plaas die land in ’n gunstige posisie om leiding te neem. Die probleem is egter dat geen effektiewe ekonomiese model geskep is wat ander lande in die streek aanspoor tot vervaardiging nie.

Indien bogenoemde instellings hulle vaardighede en tegnologie saamsnoer, kan ander lande in die streek van die tegnologieë gebruik om vernuwend te raak en oplossings vir plaaslike uitdagings te vind (Poee 2017). Tweedens kan die Amerikaanse regering in die landbousektor belê en die streek help om sy landbousektor te moderniseer. Voedselsekerheid gaan in die toekoms ’n groot probleem raak en indien die lande hulpbronne tot voordeel van al die lande in die streek ontwikkel, gaan dit bydra tot die lewering van voedsel in die toekoms (Ortagus 2020).

3. Amerikaans-Chinese wedywering

3.1 ’n Sistemiese en veiligheidsontleding

Vir doeleindes van hierdie afdeling wys sisteemontleding op verskynsels wat die wedywering tussen Amerika en China op ’n internasionale vlak kenmerk. Dit beïnvloed met ander woorde die struktuur van die internasionale sisteem. Veiligheidsontleding wys op die maatreëls wat tussen Amerika en China getref word om oorlewing en veiligheid in die sisteem te verseker. Internasionale en nasionale veiligheid word deurgaans met mekaar in die internasionale sisteem verbind.

Internasionale verhoudinge is die laaste twee jaar deur strawwe mededinging tussen Amerika en China gekenmerk. Die mededinging vorm die lens waardeur ander internasionale rolspelers belangrike gebeure op die internasionale politieke terrein waarneem (Goldstein 2020:48–9). Die opkoms van ’n nuwe internasionale wêreldorde is die resultaat. Gaan dit Amerika of China wees wat die grootste impak op internasionale veiligheid uitoefen? (Lippert en Perthes 2020:5–6). China se ekonomiese en militêre vermoëns hou tans ’n groot bedreiging vir Amerika in en beïnvloed die verskuiwing van mag in die internasionale politieke sisteem (Zelleke 2020).

Die fokus van die mededinging is beide lande se ambisie om die oorheersende mag in die wêreld te word wat op sy beurt die internasionale magsbalans versteur. Volgens kenners word die Amerikaanse weermag steeds gebruik as ’n middel om stabiliteit en veiligheid in konflikgebiede te skep, byvoorbeeld die bekamping van terrorisme en Moslem-ekstremisme, eerder as die vestiging van Amerikaanse belange en waardes as die einddoel. Dit is in teenstelling met die Chinese metode wat ekonomiese middele gebruik, byvoorbeeld die GPI, om eerstens beheer te verkry en dan ekonomiese oorheersing in betrokke lande te vestig (Lippert en Perthes 2020:7–8).

3.1.1 Handels-, ekonomiese en finansiële konflik

Die kritiek wat Washington lewer oor China se handelspraktyke, onregverdige wedywering en skending van internasionale reëls en regulasies word wêreldwyd gedeel. China word ook in Afrika veroordeel oor sy onwettige besigheidspraktyke en minagting van internasionaal aanvaarde ekonomiese beginsels. ’n Kwessie wat hiermee verband hou, is die hervorming van multilaterale handelsreëls om voorsiening te maak vir ’n nuwe internasionale ekonomiese orde. China wil aan die hoof van dié ekonomiese orde staan. Die strategiese wedywering tussen Amerika en China sal aanhou om ’n definitiewe invloed op internasionale politiek uit te oefen, selfs al kom die twee lande ooreen om belangrike handelsgeskille in die ampstermyn van die nuwe president op te los (Qiu en Xing 2019:3–4).

3.1.2 Tegnologiese dimensie

Mededinging vind ook in die tegnologiese veld plaas. Dit is diep gewortel in die strewe na vernuwing en markoorheersing en sal langer voortduur as enige oplossing wat vir handelskonflikte gevind word. Hier is die mededinging geskoei op watter land die tegnologiese standaarde gaan stel en tegnopolitieke invloedsgebiede in die wêreld gaan bou. Tegnologiese wedywering is ’n strewe na veiligheid en het ten doel om geopolitieke mag te verkry in gebiede waar lande en burgers afhanklik van die digitale produkte en dienste raak wat deur die moondhede verskaf word. In dié verband word die ontwikkeling en gebruik van tegnologie toenemend met die politiek en ideologie van die moondheid verbind. Tegnologiese wedywering word deel van ’n stelsel wat dit teenstaan of ’n stelsel wat dit aanvaar en op sy beurt beïnvloed dit die plaaslike politieke orde: die verhouding tussen staat en gemeenskap, en tussen regering en burgers (Wu 2020). Amerika met sy liberale, demokratiese stelsel en China met sy outoritêre, kommunistiese regime wys dat die politieke/ideologiese dimensie ’n rol speel in die wedywering.

In werklikheid het ideologie nog altyd ’n groot rol in die twee lande se verhoudinge met mekaar gespeel. Die aanname is dat indien die Weste met ’n demokratiese China gehandel het, konflik ook minder sou wees. Tegnologie is ’n groot faktor wat die huidige wedywering kenmerk en

'n dryfveer vir die vestiging van politieke en ideologiese ordes. Tegnologiese vindingrykheid en kreatiwiteit gaan kritiese bepalers van Amerika se mag en krag in die volgende dekades wees.

Die Trump-administrasie verdien krediet vir die erkenning van die belangrikheid van tegnologiese wedywering met China en die wyse waarop dit hanteer is, byvoorbeeld die Huawei-kwessie. Die Biden-administrasie sal vinnig moet begin om oplossings vir die uitdagings wat Trump gestel het, te vind. Wat die administrasie kan doen, is om vennootskappe met lande wat Amerika se demokratiese waardes en die liberale internasionale orde ondersteun, te sluit. Dit sal Amerika weer in 'n leierskapposisie plaas en 'n nuwe era van ideologiese wedywering met China inwy. Tegnologie gaan in dié verband die sentrale skeidslyn in die wêreldpolitiek word (Allen 2021). Die hoofelement hier is die verbintenis tot multilateralisme en vennootskappe. Die volgende voorbeelde illustreer in watter mate Amerika tegnologiese mededingendheid kan behou.

Die laagste vlak van tegnologie is vervaardiging. China domineer die voorsieningskettings vir die vervaardiging van elektroniese toerusting soos slimfone en skootrekenaars, maar is afhanklik van die invoer van 300 miljoen Amerikaanse dollar se semi-geleiers elke jaar. China beskik nog nie oor die vermoë om semi-geleiers op groot skaal te vervaardig nie en voer dit onder andere uit Amerika en Taiwan in (Allen 2021). Op die vlak van infrastruktuur het demokratiese lande tradisioneel 'n voordeel bo outoritêre regimes geniet in tegnologiese ontwikkeling en vooruitgang. Die ontwikkeling van telekommunikasie dateer byvoorbeeld terug na Brittanje se ontwerp van die telegram.

China het kennis geneem van Amerika se oorheersing van telekommunikasie en het diens-verskaffers soos Huawei befonds om 'n markaandeel in die wêreld te bekom. Amerika en sy demokratiese bondgenote sal hard daaraan moet werk om die volgende generasie van telekommunikasie-infrastrukture op te rig om te verseker dat Chinese hardeware nie by verstek die keuse van internasionale verbruikers word nie. Die kwessie beïnvloed nasionale en internasionale veiligheid. Nog 'n voorbeeld is die aanwending van sosialemediatoepassings soos Facebook en Instagram. Tans oorheers Amerikaanse firmas die gebruik van internasionale sosialemediaplatforms, maar met die aanlyn sukses wat Tik Tok behaal – 'n platform wat deur Chinese beleggers besit word – kan Amerika en sy bondgenote die oorheersing nie as vanselfsprekend aanvaar nie (Daly 2020).

Volgens die huidige NVS is die handhawing en bevordering van waardes en die liberale orde nie 'n prioriteit vir die Amerikaanse regering nie. Ontleders is wel bekommerd dat die liberale wêreldorde deur die opkoms van China in die slag gaan bly (Doffman 2019). China vrees weer dat demokrasie en die oppergesag van die reg 'n vastrapplek in die China gaan kry. Dit gebeur in 'n mate alreeds met miljoene jong Chinese wat in westerse lande geskool is. Die CKP sal demokrasie egter nie maklik aanvaar nie; dit sal neerkom op verlies van die sentrale mag wat noodsaaklik is vir die bou van 'n harmonieuse Chinese gemeenskap deur middel van tegnologiese middele (Doffman 2019).

Vanuit die Chinese perspektief beskou, is tegnologie 'n belangrike gebied wat die wedywering kenmerk. China se ekonomiese groei het die vervaardiging van tegnologiese produkte 'n geweldige hupstoot gegee en sal die dinamika van die wedywering vir die volgende aantal jare of selfs dekades bepaal. Die bekendstelling van wetgewing deur die Chinese regering om tegnologiese ontwikkeling as 'n nasionale bate te klassifiseer, kan vergelyk word met die

Trump-administrasie se NVS van 2017. In dié verband is ekonomiese veiligheid in dieselfde domein as nasionale veiligheid geplaas (Wu 2020).

Onder die leierskap van Xi Jinping word vraagstukke wat met nasionale veiligheid verband hou deur die lens van tegnologie ontleed. Die regering se "Made in China 2025 policy" wat ondernemings aanmoedig om tegnologieë plaaslik te ontwikkel om sodoende hulle afhanklikheid van buitelandse produkte te verminder, is een so 'n voorbeeld. Die Chinese regering erken dat daar ideologiese verskille tussen die twee lande bestaan en dat leierskap op die internasionale tegnologiese terrein die spilpunt van die wedywering is (Lim 2019).

3.1.3 Die kernelemente van strategiese wedywering met China

Die primêre bedreiging vir Amerika is China se groeiende ekonomiese en militêre vermoëns. Dit word gekenmerk deur strategiese wedywering vir status en internasionale leierskap (Mazarr 2017:35). China en Amerika is besig om die grondslag van die internasionale sisteem te verander en dit kom grootliks neer op 'n wedywering ten opsigte van norme, narratiewe en legitimiteit; 'n wedywering om te bepaal watter land die oorheersende invloed op die heersende globale paradigma gaan hê. Dié paradigma bestaan uit vier komponente: ekonomiese en politieke waardes, kulturele invloede, heersende reëls en norme beliggaam in die Volkereg (dit sluit die opstel van internasionale ooreenkomste en standaardpraktyke in) en leierskap in internasionale organisasies (Mazarr en Rhoades 2018:15).

Ten spyte van China se massiewe propagandapogings en die gebruik van ekonomiese diplomasie, is die land swak toegerus om so 'n wedywering te wen. Amerika kan die wedywering egter verloor deur die formulering en implementering van swak georkestreerde beleid. Ekonomiese elemente het ook 'n invloed op die wedywering. In breë terme gesien, vorm ekonomiese prestasie en industriële wedywering die grondslag vir China se ekonomie. China se mikpunt is oorheersing in 'n reeks nywerhede. Die land gebruik sy buitelandse beleggings, veral die GPI, om ekonomiese en strategiese roetes op die wêreldkaart te heroriënteer. Sekere van die strategieë is onversoenbaar met die huidige internasionale reëlsgebaseerde ekonomiese orde (Qiu en Xing 2019:5–6).

Die wedywering het ook globale gevolge, selfs al word dit in die voorafgaande paragrawe as bilateraal uitgebeeld. Dit affekteer verhoudinge met ander lande, beïnvloed streeksdinamika, gee gestalte aan die werk van internasionale organisasies en forums, byvoorbeeld die G20 en VN met sy subagentskappe, en het ook die potensiaal om die werk van multilaterale organisasies te ondermyn. Amerika en China interpreteer die werk wat gespesialiseerde nieregeringsorganisasies in Afrika doen verskillend. As voorbeeld word menseregte genoem, waar China klem lê op sosiale interaksie tussen lede van 'n groep, in teenstelling met Amerika wat klem lê op die regte wat die individu het. Afrikagemeenskappe het tradisioneel 'n sterk groepsidentiteit en dit assimileer met die Chinese begrip *Guanxi* wat verwys na vertroue en sterk sosiale dinamika binne groepe (Herman en Szanajda 2013:45).

In internasionale politiek is die direkte afdwingbare of oorredende variant van mag die algemeenste. Dit kom neer op regerings se vermoë om persone te oorreed om take uit te voer wat hulle nie onder normale omstandighede sou doen nie. Waarnemers is bekommerd dat dié vorm van mag toenemend deur China gebruik word om ekonomiese en militêre invloed in die wêreld uit te oefen. Aan die ander kant is daar kenners wat aanvoer dat China die meer

indirekte, onderbewuste en ideale vorms van mag gebruik; dié mag fokus op agendas, gewoontes en spesifieke standpunte oor vraagstukke in die internasionale politiek (Roy 2020:105–7).

Die verskil tussen direkte en indirekte mag word deur ’n voorbeeld geïllustreer. Direkte mag dwing ’n staat om sy ekonomie te liberaliseer. Indirekte mag skep ’n globale mark wat die regering laat glo ’n liberale ekonomie is in die beste belang van die staat. Laasgenoemde het ’n invloed op die denkwyse van burgers wat hulle voor ’n keuse stel om te besluit watter belange vir hulle belangrik is. Dit is nie die afdwing van ’n spesifieke denkrigting op die burgers van ’n staat nie (Lukes 2005:480–2). Indirekte mag is meer beslissend as direkte mag; Iran en Noord-Korea wat ekonomies swakker as Amerika en China is, kan byvoorbeeld die versoeke van die sterker state weier. Konflik van belange, nasionale trots, politieke belange van die teikenstaat en ’n reeks ander faktore kan die impak van direkte vorms van mag verswak.

Die konteks waarin die magspel plaasvind − byvoorbeeld ’n wapenwedloop, territoriale konflik, tegnologiese oorlogvoering en kuberspioenasie − kan die belange van swakker state op dieselfde vlak as die belange van Amerika bring. Op dié manier word Amerikaanse invloed aansienlik versterk (Lukes 2005:480–5). Die realis Hans Morgenthau het verwys na die invloed wat kultuur as ’n vorm van indirekte (sagte) mag op die denkrigtings van leiers en burgers kan uitoefen. Hy het beweer dat kulturele imperialisme die mees subtiele en suksesvolle van alle imperialistiese beleide is (Morgenthau 1993:72).

Die kulturele en onderwysprogramme wat China in Afrika van stapel stuur, het onder andere ten doel om leiers en mense in Afrika meer oor die Chinese lewenswyse te leer. Dit is ’n vorm van sagte mag en die doelwit is nie om gebied te bekom of die ekonomie te kontroleer nie, maar om die denkrigtings van leiers en die bevolking te beïnvloed. Die volgehoue en suksesvolle pogings van China om kulturele mag in Afrika te verkry en Amerika se kleiner fokus op die vestiging van Amerikaanse waardes en kultuur verander die sagtemagsverhouding op die kontinent.

China sien die waardes, wat breedweg deur Amerika met die res van die wêreld gedeel word, as ’n byproduk van oorheersing en veroordeel die Amerikaanse beskouing dat die Chinese waardesisteem tweederangs is. Die argument is dat China nog nie heeltemal toegerus is om die Amerikaanse internasionale orde suksesvol uit te daag nie. China maak wel vooruitgang en sal binne die volgende jaar of twee daardie vermoë besit. Die opkomende strategiese wedywering is ’n stryd rondom die konteks waarin norme, reëls, narratiewe en instellings state se belange in die afsienbare toekoms gaan definieer. Die daarstelling van ’n wêreldorde gebaseer op ideologiese verskille en nasionalistiese politieke modelle gaan kenmerkend van die wedywering word (Schweller en Pu 2011:41–4).

3.2 Amerikaans-Chinese wedywering en die geskarrel vir Afrika

’n Wye reeks rolspelers en belange dryf Chinese gedrag in Afrika. Die Chinese regering en kommersiële rolspelers het drie primêre ekonomiese belange: die invoer van natuurlike hulpbronne; beleggings in ’n groeiende en relatiewe onderontwikkelde mark vir in- en uitvoere en geleenthede vir Chinese maatskappye om werk te skep en ervaring op te doen. Die oorhoofse strategie is om ekonomiese en politieke invloed uit te oefen, terwyl die beskerming van sy burgers en fasiliteite (besighede, myne en olievelde) die fokus van sy veiligheidstrategie is (Thrall 2015).

Volgens kenners toon die ekonomiese groei en direkte buitelandse beleggings wat China oor die laaste aantal jare gehandhaaf het, tekens van afplatting en is dit ’n ernstige swakpunt in die mondering van die land se beleid van internasionale uitreiking. China se toestaan van lenings skep ’n skuldlas vir Afrikalande en dit plaas druk op China om sy ekonomiese bankstaat in Afrika te balanseer. China se beleid van nie-inmenging in die plaaslike krisisse van ander lande laat ook vrae ontstaan of hulle die beginsel werklik toepas, byvoorbeeld inmenging in die veiligheidskrisisse in Soedan, die DRK en ander Afrikalande.

China se bemiddeling in die burgeroorlog in Soedan het geblyk onder valse voorwendsel te wees en die beskerming van oliebelange en die verkoop van wapens aan rebellegroepe was die hoofaansporing. Dit was ’n direkte inmenging in die plaaslike politiek van Soedan (Thrall 2015). Terwyl dit waar is dat Chinese betrokkenheid in Afrika deur ekonomiese oorwegings gedryf word, is die fokus op die beveiliging van Chinese belange aan die toeneem. Dit is amper onmoontlik om na ekonomiese belange om te sien sonder om veiligheidsbelange ook in ag te neem.

In Oktober 2000 het China die Forum vir China-Afrika-samewerking (FOCAC) in Beijing geloods. Dit is bygewoon deur verteenwoordigers van 44 Afrikastate met die doel om sosioëkonomiese China-Afrika-ontwikkeling te bevorder. Twintig jaar later met die sesde FOCAC-vergadering het China 60 biljoen Amerikaanse dollar aan Afrikastate uitgedeel en is versoek dat die geld ook vir veiligheidsopgradering gebruik word. In September 2013 het president Xi Jinping die GPI bekendgestel om die Chinese vasteland deur middel van ’n netwerk van handelsroetes met Sentraal-Asië, die Midde-Ooste, Afrika en Europa te verbind (xinhuanet.com.2020).

Infrastruktuurontwikkelingsprojekte, beleggings en finansiële hulpverlening is alles deel van China se ekonomiese diplomasie en voorbeelde van die modelle en projekte word hier onder aangedui. Eerstens, die Angola-model wat in 2004 bekendgestel is. Die model finansier lande ryk aan natuurlike hulpbronne vir die verskaffing van die hulpbronne aan China. China het 2 biljoen Amerikaanse dollar aan Angola beskikbaar gestel vir die lewering van 10 000 vate ruolie oor ’n tydperk van 17 jaar. China het ook die infrastruktuurvakuum in Angola, ’n gevolg van die burgeroorlog, gebruik om oor 17 jaar lenings ten bedrae van 42 biljoen Amerikaanse dollar aan Angola te gee (chinafile.com.2018).

Tweedens, die oprigting van ambisieuse infrastruktuurontwikkelingsprojekte deur Chinese staatsgebaseerde maatskappye, soos byvoorbeeld die Mombasa-spoornetwerk in Kenia ten bedrae van 3,5 Amerikaanse dollar, en die Soubre-megadam in Côte D’Ivoire ten bedrae van 1 biljoen Amerikaanse dollar. Beide die projekte het finansiering van Chinese banke nodig gehad om van die grond af te kom. China se Afrikabelange lê meestal in lande ryk aan natuurlike hulpbronne, insluitende Zambië, Angola, Algerië, Nigerië en die DRK. In Zambië het Chinese maatskappye kopermyne gekoop om die ryk afsette te ontgin. Teen 2018 was die Zambiese regering in so ’n enorme skuld by China dat hy die internasionale lughawe as kollateraal moes aanbied om die 6,5 miljoen Amerikaanse dollar in skuld terug te betaal. Om nie as ’n wanbetaler bekend te staan nie en ook sy goeie vriendskap met China te behou, het die Zambiese regering Mandaryns verpligtend gemaak vir graad 8 tot 12. Dit is die vierde Afrikaland wat hierdie stap geneem het (Brautigam 2009:25–6).

In Nigerië het Chinese oliemaatskappye oliekonsessies in die Golf van Guinee verkry en in die laaste tien jaar multibiljoene Amerikaanse dollar beskikbaar gestel vir die ontwikkeling van

die spoornetwerk. Die Chinese Export-Import Bank (Exim) was die groot finansierder van die projek en het ’n verdere 5 biljoen Amerikaanse dollar gefinansier nadat Nigerië versuim het om lenings terug te betaal. Dit is ’n gepaste voorbeeld van China se skuldlokvaldiplomasie wat die land massiewe invloed oor Afrikalande gee. China teiken ook die natuurlike hulpbronne van Afrikalande en in 2007 is ’n bedrag van 6 biljoen Amerikaanse dollar aan die DRK geleen in ruil vir 10,5 miljoen ton koper en die verkenning van mynregte. Hierdie regte het die weg gebaan vir die toekenning van ’n verdere 3 biljoen Amerikaanse dollar vir die oprigting van ’n koper- en kobaltmyn (Oke 2019:78–80).

3.3 Die onvermydelike gevolge van China se skulddiplomasie vir Amerikaanse nasionale belange

Terwyl Chinese skulddiplomasie vir die meeste Amerikaners nie ter sake is nie, is dit ’n ernstige bedreiging vir nasionale veiligheid. Meer direk, China se gewilligheid om geld aan Afrikalande te leen en die moontlikheid van wanbetaling, kan in die finale instansie lei tot beslaglegging op strategiese bates. Chinese lenings aan die klein landjie Djiboeti het byvoorbeeld die ratio van skuld tot bruto nasionale produk (BNP) tussen 2016 en 2018 van 55% tot 85% laat groei. Indien Djiboeti in gebreke bly om sy skuld aan China terug te betaal en die hawe wat Amerikaanse troepe van middele voorsien prysgee, kan dit Amerika se vermoë om militêr in Afrika en die Midde-Ooste betrokke te wees, ernstig belemmer. Amerikaanse amptenare vrees dat China ’n beperking gaan plaas op die soort en hoeveelheid militêre toerusting wat aan Camp Lemonnier, die Amerikaanse militêre basis, gelewer word indien hulle die hawe oorneem (Harris 2018).

Laastens ontneem China se skulddiplomasie Amerika van ’n mededingende aandeel in projekte soos hoëspoedspoorlyne (high speed railways) en draadlose internetwerke (wi-fi). Ten einde meer duidelikheid oor die skulddiplomasie te kry, kan Amerikaanse amptenare met China onderhandel oor die implementering van deursigtige en verantwoordbare meganismes wat die beleggingsklimaat sal versterk (Shalal 2020).

3.4 Amerikaanse maatskappye en die GPI

’n Vraag wat dikwels opduik is of Amerika en China kan saamwerk om Afrika se ontwikkeling te bevorder. Die antwoord is bevestigend indien gekyk word na die potensiaal wat die GPI het om Afrika gesamentlik te ontwikkel. Amerika en China se filosofieë oor besigheid verskil. Die Chinese maak staat op lenings en beleggings van staatsbeheerde maatskappye om ontwikkeling aan te moedig, terwyl Amerika gebruik maak van private maatskappye om lenings te bekom. Die Amerikaners doen ook ontledings van stygings en dalings in die geldmark om geld vir ontwikkeling beskikbaar te stel.

Die twee filosofieë kan versoen word, indien samewerking gebaseer is op die bou van kapasiteit, die bevordering van deursigtigheid in die toekenning van kontrakte en die neem van verantwoordelikheid in die koördinering van projekte (Sun 2018). Die twee lande het onder andere saamgewerk om elektrisiteit te verskaf onder die Power Africa-inisiatief van president Obama. In 2015 het China Amerika genader om kennis en hulp te verleen in die bou van die ambisieuse Inga3- hidroëlektriese aanleg in die DRK, die wêreld se grootste hidroëlektriese projek.

Nog ’n Amerikaanse maatskappy, General Electric (GE), ’n wêreldleier op die gebied van elektrisiteitsvoorsiening en hernubare energie, het vanaf 2016 kontrakte met Chinese GPI-

maatskappye begin sluit om masjinerie, toerusting, tegniese ondersteuning en opleiding te verskaf. Konsultante van beide lande is dit eens dat samewerking op goeie voet geskied en meer projekte word in die vooruitsig gestel (Sun 2018). Projekbestuurders van China is veral tevrede met die ervaring en kanale vir internasionale finansiering wat GE bring. Belangrik is dat die projekte steeds deur Afrikalande besit mag word, alhoewel die ontwikkeling en aanbieding deur China gedoen word. Amerika se rol is om die logistiek en tegnologie te voorsien. Hierdie gedeelde visie het ten doel om die Afrikamark te ontwikkel deur losstaande projekte in ’n netwerk van besigheidsgeleenthede tussen Afrikalande, China en Amerika te omskep (Liu 2019).

Ander Amerikaanse multinasionale maatskappye is ook aktief besig om besigheidsgeleenthede wat met die GPI verbind word, te ondersoek. Caterpillar sien die GPI as ’n hoofgroeigebied vir die verkope van sy konstruksiemasjinerie en die maatskappy se toerusting word op verskeie bouterreine in Afrika opgemerk. Caterpillar se lang geskiedenis in Afrika lê ’n stewige grondslag vir Chinese besigheidsvennote om die toerusting te gebruik (Singh en Goh 2018). Die GPI hou ook groot voordele in vir Honeywell, die Amerikaanse tegnologiese en vervaardigingsreus. Honeywell bied ’n wye reeks Chinees-vervaardigde produkte aan, insluitende konstruksie- en boumasjinerie, persoonlike beskermingsmateriaal soos kopskerms en handskoene, en ander veiligheidsprodukte. Die produkte is noodsaaklik vir die veiligheid en beskerming van werkers op GPI-bouterreine (Honeywell.com.2017).

Nog ’n gebied van samewerking is die ontwikkeling van die derdepartymark met Chinese GPI-kontrakteurs (beltandroad.news.2019). Die derdepartymarksamewerkingsmodel verwys na die gesamentlike ontwikkeling van projekte deur Chinese maatskappye en vennote in ontwikkelde lande. Die model het ten doel om die wedywering wat in China se vervaardigingsbedryf bestaan met die gespesialiseerde tegnologie van ontwikkelde lande te verbind en dan in bedryf te stel. Die samewerkingsmodel tussen China en Japan kan as voorbeeld vir die ontwikkeling van derdepartymarkte dien. Die Chinese regering verwag dat derdepartymarksamewerking die dryfveer gaan word vir toekomstige projekte (Chen 2019).

Die Amerikaanse maatskappy Frontier Services Group is onlangs gestig om veiligheid, logistiek en versekering aan GPI-kontrakteurs te bied. Die groep bestaan uit tegniese en voormalige weermagpersoneel en die lede se ervaring is waardevol om Chinese fasiliteite en toerusting te beskerm (Sukhankin 2020). Die GPI is so saamgestel dat dit Chinese oorkapasiteit absorbeer. Amerikaanse maatskappye wat goeie verhoudinge met hulle Chinese eweknieë het, vind egter baat daarby deur goeie winste te maak (Sukhankin 2020).

3.5 Afrikaleiers se standpunt oor Amerikaans-Chinese wedywering

Afrika, soos al die ander kontinente, was geaffekteer deur die Koue Oorlog. Alhoewel minder belangrik as Europa en Asië, het Amerika en Rusland Afrika gebruik om geopolitieke en strategiese invloed uit te oefen (Olander 2020). Leiers in Afrika is dit eens dat dié soort magswedywering nadelig vir die kontinent was en wil nie graag ’n herhaling van die dinamika sien nie (Yachyshen 2020). Dit is belangrik dat Afrikalande die trajek van hulle verhoudinge met Amerika en China bepaal en nie andersom nie. Dit sal verhoed dat hulle uitgebuit word, soos tydens die vorige grootmoondheidwedywering.

Afrikalande moet hulle kernbelange self bepaal en in onderhandelinge selfgeldend optree om die belange te beskerm. In die VN se algemene vergadering kan klein en swakker Afrikalande

byvoorbeeld stem oor verskeie kwessies in samehang met grootmoondhede, wat kan lei tot die aanvaarding van resolusies en programme van aksie. Die stemme kan ook as wapens gebruik word om hulle invloed te laat geld teenoor die mag van die grootmoondhede. Die formulering van proaktiewe agendas sal presies afhang van die onderhandelingsmag wat hulle het en of dit ’n invloed op die beleidsrigtings van Amerika en China gaan uitoefen. Tot dusver is daar nog geen aksies geneem nie en loop Afrikalande die gevaar om weer eens deur die grootmoondhede misbruik te word (Olander 2020).

4. Amerikaans-Chinese wedywering en IV-teorie

Teoretiese insigte uit die veld van IV is van waarde om die wedywering tussen Amerika en China te ontleed. Mag speel ’n groot rol in IV en werp lig op state se strewe na groot-moondheidstatus. Die afdeling kyk eerstens na die konsep van mag en hoe dit die wedywering tussen Amerika en China beïnvloed. Tweedens word die Amerikaanse administrasie se veiligheidsdoelwitte aan die hand van IV-teorieë bespreek en laastens word ’n teoretiese waardebepaling van China se internasionale strewes aangebied.

4.1 Mag in IV-teorie

Mag word op verskillende maniere in IV gedefinieer. Die moderne diskoers in die algemeen verwys na die militêre en ekonomiese mag van state. State in die internasionale sisteem wat oor beduidende vlakke van mag beskik, word geklassifiseer as kleinmoondhede, middel-moondhede, streeksmoondhede, grootmoondhede en supermoondhede (Kennedy 1989:29).

Politieke wetenskaplikes en IV-spesialiste fokus op die volgende begrippe van mag (daar word ook gepoog om voorbeelde te gee wat die wedywering tussen Amerika en China kan uitlig): Eerstens, mag as ’n *doelwit*. Beide Amerika en China se ekonomiese en militêre groei, kulturele invloed en vorme van sagte mag, byvoorbeeld akademiese uitruilprogramme, die deel van kennis en inligting en tegnologiese innovasie, se mikpunt is om internasionale mag te verkry. Tweedens, mag as *invloed*. Amerika en China gebruik mag as invloed om politieke, militêre, ekonomiese en kulturele oorheersing op die internasionale terrein uit te oefen.

Die volgende tipologieë van mag as invloed bestaan: (a) *Dwang* verwys na reëls, waardes, norme en ook militêre invloed wat op die internasionale gemeenskap van krag gemaak word, byvoorbeeld die Amerikaanse liberale internasionale orde en waardesisteem; (b) *aantrekking* verwys na die aanloklikheid van die kultuur, taal en gewoontes van ’n sekere land of lande vir die inwoners van ander lande. Dit is omdat die aspekte oorheersend is en die inwoners van ander lande dit aanvaar as die oorheersende paradigma of daarmee wil assosieer, byvoorbeeld Engels as die internasionale kommunikasietaal, westerse media en rolprente en die opvatting dat onderrig by westerse instellings akademies van hoër gehalte is. Studie in China is egter nou baie aanloklik vir studente uit Afrika as gevolg van ruim studiebeurse en die lae lewenskoste in die land. (c) *Samewerking* verwys na die proses waardeur lande saamwerk om gemeenskaplike belange te bevorder en voordeel te verkry. Teen die einde van 2020 kon geen gebiede geïdentifiseer word waar Amerika en China konstruktief saamwerk om internasionale vraagstukke op te los nie. (d) *Wedywering* verwys na die staat van internasionale verhoudinge waar grootmoondhede daarna streef om hulle ekonomiese, politieke en militêre belange te vermeerder en dié van mededingers te verminder (Baldwin 2016:1–8). Die wedywering is

strategies omdat spesifieke planne en aksies ingespan word om doelwitte te bereik. Die doelwitte kan polities, ekonomies of militêr van aard wees. Onder die Trump-administrasie het Amerika onder andere ’n handelsoorlog teen China ingestel, verhoogde tariewe op Chinese produkte aangekondig, die Amerikaanse vloot se teenwoordigheid in die Suid-China See verskerp en China beskuldig van die diefstal van Amerikaanse intellektuele eiendomsregte en inmenging in die Amerikaanse verkiesing van 2020.

China, aan die ander kant, verkry strategiese beheer van belangrike handels- en seeroetes met die GPI, hou ’n direkte bedreiging in vir die Amerikaanse vloot in die Stille Oseaan en Suid-China See, wen groot veld met tegnologiese innovasie en ontwikkeling, is nou bykans op gelyke voet met Amerika in die ruimtewedloop en het teen die einde van 2020 meer strategiese vennootskappe met lande in die wêreld gesluit as Amerika.

Mag in strategiese terme is die vermoë om die aksies en besluite van ander rolspelers te domineer. Soos aangedui deur die voorbeelde hierbo, slaag beide lande daarin om die hulpbronne effektief te mobiliseer vir die bereiking van strategiese oorwinnings. Onder sekere omstandighede kan state ’n invloedsfeer of ekonomiese blok skep in die streke waarin hulle ’n oorheersende invloed het. In Afrika slaag China goed daarin om ekonomiese mag uit te oefen, terwyl Amerika weer militêre invloed deur middel van AFRICOM uitoefen. State wat oor die vermoë beskik om militêre, ekonomiese en kulturele hulpbronne oor te skakel na die gebruik van mag om internasionale doelwitte te bereik, word deur IV-spesialiste beskou as grootmoondhede. Die internasionale gemeenskap sal dan ook erkenning aan die grootmoondhede gee vir die gebruik van die hulpbronne (Danilovic 2002).

4.2 Die NVS en IV-teorie

Die strategie in die NVS lê sterk klem op resultate en nie op ideologie nie. Dit is ’n strategie van beginselvaste realisme, omrede dit erkenning gee aan die sentrale rol van mag in die internasionale politiek, bevestig dat soewereine state die beste hoop op vrede in die wêreld is en die nasionale veiligheidsdoelwitte van Amerika in duidelike terme uitspel (Torrence 2018). Die fokus van die NVS is ook om begrip vir die kulture van ander lande te ontwikkel en dan in samewerking met Amerika oplossings vir konflik en onstabiliteit te vind.

Die 2006-dokument het sterk gefokus op die teorie van demokratiese vrede (“democratic peace theory”). Dié teorie voer aan dat demokratiese lande huiwerig is om met ander demokratiese lande in ’n konflik betrokke te raak en eerder daarna streef om welvaart te deel en infrastruktuur en hulpbronne te bewaar (Wiebrecht 2013:5). President Bush het die teorie voorgehou om samewerking met ander demokrasieë te bevorder, terrorisme te beveg en internasionale veiligheid en stabiliteit te verseker (Zelizer 2010:15).

Die Obama-administrasie se beskrywing van die internasionale sisteem in Kantiaanse terme − ’n internasionale sisteem sonder ’n hegemoniese leier waar ’n “vredesliga” bestaan wat alle oorloë kan beëindig en waar ’n wêreldregering die gedrag van mense en reëls vir lande bepaal − het voortgebou op die liberale internasionale perspektief. Die strategieë van beide Bush en Obama het verklaar dat die verspreiding van demokrasie en die versterking van internasionale instellings vrede en stabiliteit in die internasionale sisteem sal voortbring (Davidson 2015). Presidente Bush en Obama het ander lande aangemoedig om aan te sluit by internasionale organisasies en handel met Amerika uit te brei. Die presidente se buitelandse beleidsaksies het ten doel gehad om vertrouenswaardige verhoudinge met ander rolspelers te skep.

Volgens die huidige NVS is mag histories deur lande nagejaag en die wedywering wat nou plaasvind is ’n voortsetting daarvan (Torrence 2018). “Realism ranks as the most important attempt thus far to isolate and focus on a key variable in political behavior, namely power, and to develop a theory of international relations” (Dougherty en Pfalzgraff 2001:25). ’n Belangrike aspek is Amerika se vermoë om ’n beleid te formuleer wat Amerikaanse mag relatief tot ander lande stel. Dit is ’n kernaanname in realisme en beteken dat Amerika sy magsverhoudinge met ander lande baseer op die krag wat hy op een of meer gebiede van nasionale mag besit. Dié mag sal hy dan tot sy maksimum voordeel aanwend. Geen land kan tans die Amerikaanse weermag se aanvallende vermoëns ewenaar nie en alhoewel China oor sterk verdedigingsvermoëns beskik, is hy nog nie opgewasse om Amerika in ’n oorlog weg van die huis te oorwin nie. Die verkryging van militêre oorheersing is dus die hoofdoelwit van Amerika se verdedigingstrategie.

Alhoewel die grondbeginsels van die NVS in realisme en neorealisme lê, aanvaar dit ook beginsels van konstruktivisme − dit is die fokus op kulturele interaksie tussen lande en die deel van idees, belange en identiteit (wilsoncenter.org.2017). Die NVS verklaar egter dat Amerika nie sy waardes op enige land sal afdwing nie. Alliansies, vennootskappe en koalisies word uit vrye wil en gedeelde belange gebou. Die strewe na wedersydse samewerking is ’n kerndoelwit. Die NVS bevorder ook ’n ontwikkelingsmodel in samehang met lande wat vooruitgang verlang. In dié verband bepaal die kultuur van ’n land watter grondslag vir ekonomiese hulpverlening gelê word (Lee 2018). Die behoefte om ander lande se kulture te verstaan en mag dan daarvolgens te sentreer, is een van die vertrekpunte van konstruktivisme. Die NVS erken dat ander lande nie noodwendig Amerikaanse waardes deel nie en om dié rede werk Amerika aan ’n stelsel waar lande kultuur as vertrekpunt neem om oplossings vir hulle eie probleme te vind (trumpwhitehouse.archives.gov.2017).

Die gevolgtrekking is dat die teoretiese perspektiewe van die NVS op realisme en elemente van konstruktivisme gegrond is. Liberalisme word verwerp omdat streeks- en internasionale organisasies se kollektiewe aard Amerika se dominante posisie en diktering van reëls ondermyn. Die konnektiwiteit van realisme en konstruktivisme versterk die teoretiese grondslag van die NVS en versoen ook die beleid en doelwitte van die regering op ’n internasionale strategiese vlak.

Kenneth Waltz, voorste kenner van neorealisme in IV, verklaar dat state se oorlewing op die internasionale politieke terrein afhang van hulle magsverhouding tot ander state (Waltz (2010:85–90). Waltz voer verder aan dat state se strategieë vir vrede afhanklik moet wees van die vrede- of oorlogstrategie van alle state in die internasionale sisteem. Die NVS neem hierdie stellings as vertrekpunt en verklaar dat China die wêreld wil verander in teenstelling met Amerikaanse waardes en belange. China wil Amerika as die leier in die Indo-Pasifiese streek vervang, wil die trefwydte van sy ekonomiese model uitbrei en streef daarna om die streek ekonomies en polities te beheer (Gearan 2017).

China se patroon van interaksie met ander rolspelers sluit aan by neorealisme. Dit bepaal dat ’n sterk land elemente van nasionale mag gebruik om vennootskappe met ander lande te sluit en alliansies te vorm. Die mag word ook gebruik om ander lande se mag te balanseer (Gearan 2017). Die NVS dui aan dat Amerika verantwoordelik is vir die struktuur van die internasionale sisteem en poog om die doelwitte van ander rolspelers te verstaan ten einde strategieë te ontwikkel. Nóg die 2006- nóg die 2010-dokument het die doelwitte van ander rolspelers bespreek.

Alhoewel die artikel nie Amerika se wedywering met Rusland bespreek nie, het die 2006-dokument voorgeskryf dat demokrasie die beste vir Rusland se politieke stelsel is en sal help om verhoudinge met Amerika te verbeter. Die 2010-dokument het weer verklaar dat Amerika Rusland sal help om die oppergesag van die reg te bevorder, verantwoordbare regeringstrukture in te stel en universele waardes na te volg. Die huidige NVS beklemtoon dat ’n duidelike strategie ten opsigte van Rusland opgestel moet word om militêre aggressie die hoof te bied en sy invloed in Oos-Europa te verminder. Dit is in teenstelling met die vorige twee dokumente wat gefokus het op internasionale samewerking en die bevordering van demokrasie (Cordesman 2017).

4.3 China se sienings oor IV-teorie

Chinese spesialiste is dit eens dat die ontwikkeling van IV-teorie ’n unieke karakter aan die land se perspektiewe oor internasionale verhoudinge kan gee. Die teoretiese perspektiewe kan konflik en samewerking met ander lande verklaar en ook meer lig werp op watter benaderings gevolg moet word om verhoudinge met Amerika te bestuur. Wat opval, is dat die ontwikkeling van ’n Chinese IV-benadering daartoe kan lei dat Chinese nasionale belange aan die internasionale gemeenskap verkondig word. In die konteks van wedywering met Amerika is dit ook van belang om strategiese doelwitte daar te stel wat Amerikaanse invloed kan teenstaan.

Die kern van die Chinese benadering fokus op drie aspekte: identiteit, toe-eiening en aanpassing (Tze 2019:2–3). Dit beteken China moet ’n internasionale identiteit ontwikkel, die identiteit moet hulle eie word en lande sal moet aanpas by die Chinese identiteit. In wese dui dit op ’n vrymaking van ander lande se teoretiese invloed en die vestiging van ’n Chinees-gesentreerde IV-teorie. Die werk van die Amerikaanse skrywer Alexander Wendt is die fokus van groot belangstelling onder Chinese IV-spesialiste. Sy boek *A social theory of international politics* word gevolg vir die bydraes wat dit maak om idees, waardes en norme te bevorder. Aan die ander kant, is die belangstelling in konstruktivisme ook gedeeltelik gegrond op ’n afkeer van realisme en liberalisme as die hoofstroomdenkrigtings wat deur Amerikaanse IV-spesialiste gevolg word (Tze 2019:4–5).

China se sienings oor die internasionale orde geniet ook aandag. Die liberale internasionale orde wat deur Amerika en Westerse demokrasieë geskep is, word as ’n bedreiging vir die kommunistiese ideologie en die voortbestaan van die eenpartystaat in China gesien. Die huidige internasionale orde poog om China van buite die land te demokratiseer en volgens Chinese kenners staan Amerika aan die hoof van die pogings. In teenstelling met die Amerikaanse model wil China ’n wêreld bou wat regverdig, gelyk en verteenwoordigend van alle lande se politieke en ekonomiese ordes is (Chan 1999).

Ten opsigte van wedywering met Amerika word die volgende benaderings uitgelig: Die eerste benadering is op die denkskool van realisme in IV gegrond en wys op die magsverhoudinge tussen die twee lande. Amerikaans-Chinese strategiese wedywering moet gesien word as ’n natuurlike uitkoms van die veranderende verdeling van mag in die internasionale sisteem en Amerika moet die transformasie van mag aanvaar (Zhao 2019:373–4).

Die tweede benadering beklemtoon ’n verskil in waarnemings van beide die Amerikaners en Chinese oor mekaar se internasionale ambisies. Die verskuiwende internasionale orde en veranderinge in die plaaslike politieke en ekonomiese klimaat verhoog internasionale onsekerheid. Amerikaners is agterdogtig oor China se internasionale ambisies en verkondig nog steeds

die Chinesebedreigingsteorie, terwyl China vrede, harmonie en samewerking nastreef en dit alles doen om welvaart en voorspoed vir sy burgers te verseker (Zhao 2019:375–6).

Die derde benadering gee meer aandag aan Amerika en China se ideologiese verskille. Amerika sien China as ’n outoritêre staat en voer aan dat die Chinese ideologie indruis teen Amerikaanse waardes en ideale, terwyl Chinese spesialiste aanvoer dat die ideologie help met China se ekonomiese oplewing, die modernisasie van sy weermag en die groot herlewing van die Chinese nasie met eienskappe van sosialisme (Zhao 2018:34–5).

Die vierde benadering beskou ’n verskil in die beleidsagendas van die twee lande as ’n hoofaandrywer van die wedywering. Chinese spesialiste is dit eens dat Amerikaanse strategiese doelwitte teenstrydig is met China se doelwitte. Dit is veral opmerklik in die twee lande se beleid in die Asië-Pasifiese streek. Amerika sien homself as die beskermheer van die streek en China as die uitdager van die streeksorde wat deur Amerika vasgestel is. China voer aan dat die Suid-China See historiese gebiedswaters van China is en hulle ’n reg het om beheer oor die waters uit te oefen. Dit is ’n gebied van groot konflik tussen die twee lande (Yuan 2014:5–6).

Tabel 1. Amerikaans-Chinese betrokkenheid in Afrika: ’n Tydlyn van die belangrikste gebeure en ontwikkelings

Amerika		**China**	
President George W. Bush 2001−9	• Millennium Challenge Corporation (MCC) 2003 • Noodplan vir VIGS-verligting (PEPFAR) 2004 • Malaria-Inisiatief (PMI) 2004 • Amerikaanse Afrika- Militêre Beheersentrum (AFRICOM) 2007	President Jiang Zemin 1993−2003	• Forum vir China-Afrika-samewerking (FOCAC) 2000
Barack Obama 2009−17	• Amerika se Strategie vir die Bekamping van Terrorisme en Ekstremisme in sub-Sahara-Afrika 2012 • Amerika-Afrika-Leierskapsforum 2014 a) Kragvoorsiening Afrika-Inisiatief 2014 b) Handel Afrika-Inisiatief 2014 c) Jong Afrikaleiers-Inisiatief (YALI) 2014	Hu Jintao 2003−13	• 2e Ministeriële FOCAC-Konferensie, Etiopië 2003 • China-Afrikabeleidsdokument 2006 • 4e Ministeriële FOCAC-Konferensie, Egipte 2009

Amerika		**China**	
Donald Trump 2017–21	• Afrika Welvaart-Inisiatief 2018 • Wet op Beter Aanwending van Beleggings en Ontwikkeling (BUILD act) 2018	Xi Jinping 2013 tot tans	• 6e Ministeriële FOCAC-Konferensie, Suid-Afrika 2015 a) Finansiële beleggings: 60 miljoen Amerikaanse dollar b) Voorkeurlenings op uitvoere: 35 miljoen Amerikaanse dollar c) Addisionele kapitaal vir die ontwikkeling van Afrika: 5 miljoen Amerikaanse dollar d) Befondsing van die Afrika-gereedheidsweermag en Teenreaksie-eenheid: 60 miljoen Amerikaanse dollar • Nuwe China-Afrika-beleidsdokument 2015 • Gordel-en-pad-inisiatief (GPI) 2015 • Implementering van die China-Afrika-Veiligheidsinisiatief 2019

'n Tydlyn van die belangrikste gebeure en ontwikkelings in Amerika en China se betrokkenheid in Afrika word in tabel 1 verskaf. Amerika formuleer spesifieke beleidsraamwerke om ekonomiese, sosiale en veiligheidskwessies aan te spreek, terwyl China die Forum vir China-Afrika-samewerking gebruik om ekonomiese programme en aksies te loods. China het opnuut tot Afrika toegetree in die jaar 2000 met die bekendstelling van die forum. Die rede daarvoor was om bilaterale verhoudinge met Afrikalande te versterk as gevolg van die land se uitwaartse buitelandse beleid ("going out policy"). Afrika is in die proses geteiken as 'n gebied waar China meer invloed kon uitoefen. Die verkryging van natuurlike hulpbronne, betrokkenheid in vredesendings en kulturele invloed is verdere redes. Amerika het deurgaans 'n teenwoordigheid in Afrika gehandhaaf tydens die Koue Oorlog, hoofsaaklik om Westerse ekonomiese beginsels en demokrasie te bevorder. Na die terroristeaanval op 11 September 2001 het die fokus ook geskuif na die bekamping van terrorisme en ekstremisme, vandaar die totstandkoming van AFRICOM in 2007. Die twee lande se verskillende benaderings in die implementering van ekonomiese programme soos aangedui in die figuur, staan uit as 'n hoogtepunt van die wedywering in Afrika.

5. Gevolgtrekking

'n Belangrike gevolgtrekking is dat die besluit van die Amerikaanse administrasie om sy betrokkenheid in Afrika af te skaal die deur vir China oopmaak om voort te gaan met sy besigheidspraktyke. Alhoewel daar kritiek uit verskeie oorde is oor China se ongeoorloofde aksies, en dit al vir baie jare voortduur, is daar nie veel wat Amerika aan die situasie kan doen nie. China se rol in Afrika is nou eenvoudig te groot. 'n Struikelblok is om die groot bedrae geld wat China aan Afrikalande leen, te ewenaar. Die doelwitte soos beskryf in die NVS is ook

nie van veel waarde as daar nie ’n finansiële element toegevoeg is nie. Oor die afgelope dekades het Amerika hulpverleningsprogramme van stapel gestuur om Afrikalande se sosioëkonomiese omstandighede te verbeter en is daar suksesse behaal. Aan die ander kant behaal China groot suksesse met sy ekonomiese diplomasie en instrumente van sagte mag, wat die mededingende voordeel in China se guns laat swaai. Die PAI hou egter groot belofte in en kan Amerika weer sy rol as ’n belangrike ekonomiese en strategiese vennoot laat inneem.

Die Amerikaanse regering wedywer met China vir voordeel, sluit tydelike vennootskappe met ander lande rondom gedeelde belange en gebruik realisme as basis waarop die internasionale orde gebou word. Realisme fokus op die relatiewe voordeel wat samewerking vir Amerika inhou. Die hoofdoelwit is om die magsvertoon van China teen te staan en dit kan bereik word deur terug te keer na strategiese magspel en die gebruik van al die instrumente van nasionale mag. Amerika kan die geopolitieke magspel wen deur sy ekonomiese welvarendheid en tegnologiese leierskap te wys.

Chinese kenners op die gebied van Sino-Amerikaanse verhoudinge stem saam dat Amerikaanse mag en invloed besig is om af te neem. ’n Belangrike punt is dat Amerika gespanne is oor sy eie internasionale posisie en gevolglik China se opkoms as grootmoondheid wil ondermyn. Wedywering is ook die gevolg van ernstige wanopvattings oor die sogenaamde Chinese-bedreigingsteorie. Onder die Trump-administrasie is die idee weer na vore gebring, maar dit word deur die Chinese regering as onwaar bestempel. Die Chinese regering streef na wedersydse samewerking en wil graag positiewe verhoudinge bevorder. Die verwagting bestaan dat Amerika se beleid teenoor China nie in die ampstermyn van president Biden gaan verander nie. Ten opsigte van Afrika gaan China voortgaan om die GPI te bevorder en China beskou die inisiatief nie as ’n direkte bedreiging vir Amerikaanse belange op die kontinent nie.

Die slotopmerkings wys daarop dat Sino-Amerikaanse wedywering besig is om te groei van streekskonflik na internasionale konflik. Hierdie wedywering om invloed neem ideologiese verskille in ag en die fokus is sterker vanaf die Amerikaanse administrasie. Aangesien die twee lande in ’n stryd om militêre oorheersing gewikkel is, beïnvloed die verhoudinge ook internasionale veiligheid. Die strategiese wedywering is veral waarneembaar in China se strewe na oorheersing in die oseane aanliggend aan die Chinese vasteland, dele van die Stille Oseaan en seehandelsroetes in die Indiese Oseaan. Dit skep ’n bedreiging vir die vermoë van die Amerikaanse vloot om die roetes te beskerm en oorheersing uit te oefen. Globale wedywering vir invloed is ook nou verbind met tegnologiese vernuwing en oorheersing in die digitale era. Die strategiese wedywering skep nuwe ekonomiese modelle gebaseer op streekshandelsgroeperings en kan lei tot deglobalisasie en ’n heeltemal nuwe internasionale politieke struktuur. Twee internasionale ordes kan ontstaan: aan die een kant ’n Amerikaanse internasionale orde en aan die ander kant die opkoms van ’n Chinees-gesentreerde ekonomiese en politieke bestel.

Bibliografie

Allen, J.R. 2021. To outpace China on technology, the US needs a “full-stack” strategy. 1 Maart. https://thehill.com/opinion/technology/540808-to-outpace-china-on-technology-the-us-needs-a-full-stack-strategy (21 April 2021 geraadpleeg).

Baldwin, D. 2016. *Power and international relations: A conceptual approach*. Princeton: Princeton University Press.

beltandroad.news.2019. U.S. conglomerate Honeywell sees tremendous opportunities in China. 26 September. https://www.beltandroad.news/u-s-conglomerate-honeywell-sees-tremendous-opportunities-in-china (29 Oktober 2020 geraadpleeg).

Brautigam, D. 2009. *The Dragon's gift: The real story of China in Africa*. Londen: Oxford University.

brookings.edu.2017. Brookings experts on Trump's National Security Strategy. 21 Desember. https://www.brookings.edu/research/brookings-experts-on-trumps-national-security (10 Oktober 2020 geraadpleeg).

cfr.org.2018. To strengthen Trump's National Security approach, promote human rights. 10 Januarie. https://www.cfr.org/blog/strengthen-trumps-national-security-approach-promote-human-rights (28 November 2020 geraadpleeg).

Chan, G. 1999. *Chinese perspectives on international relations: A framework for analysis*. Zurich: Springer Nature.

Chen, J. 2019. Third-party model to open more paths on Belt and Road route. https://www.chinadaily.com.cn/a/201904/16/WS5cb56f71a3104842260b67a2.html (25 Oktober 2020 geraadpleeg).

chinafile.com. 2018. Angola: China's risky gamble in Africa. 16 April. https://www.chinafile.com/library/china-africa-project/angola-chinas-risky-gamble-africa (10 November 2020 geraadpleeg).

Clarke, M. 2020. Is China heading towards revolutionary revisionism? 4 September. https://www.internationalaffairs.org.au/australianoutlook/is-china-heading-towards-revolutionary-revisionism (16 April 2021 geraadpleeg).

Coats, D.R. 2018. Worldwide threat assessment of the US intelligence community. 13 Februarie. https://www.dni.gov/files/documents/Newsroom/Testimonies/2018-ATA---Unclassified-SSCI.pdf (20 November 2020 geraadpleeg).

Collins, B. 2010. USA: Status quo or revisionist power? https://www.e-ir.info/2010/10/07/usa-status-quo-or-revisionist-power (14 April 2021 geraadpleeg).

Cordesman, A.H. 2017. President Trump's new National Security Strategy. 18 Desember. https://www.csis.org/analysis/president-trumps-new-national-security-strategy (15 Oktober 2020 geraadpleeg).

Daly, K. 2020. The U.S. rift with China has tech on edge. 27 April. https://www.axios.com/the-us-rift-with-china-has-tech-on-edge-a9cf232a-1521-44b9-a99d-e47454a20da1.html (25 April 2021 geraadpleeg).

Danilovic, V. 2002. *When the stakes are high: Deterrence and conflict among major powers*. Michigan: University of Michigan Press.

Davidson, J. 2015. Obama's last National Security Strategy. 2 Maart. https://www.foreignaffairs.com/articles/united-states/2015-03-02/obamas-last-national-security-strategy (16 Desember 2020 geraadpleeg).

defense.gov.2018. Summary of the 2018 National Defense Strategy. https://dod.defense.gov/Portals/1/Documents/pubs/2018-National-Defense-Strategy-Summary.pdf (16 April 2021 geraadpleeg).

Dobell, G. 2018. The US and China: Status quo powers in revisionist times. 5 Februarie. https://www.aspistrategist.org.au/us-china-status-quo-powers-revisionist-times (16 April 2021 geraadpleeg).

Doffman, Z. 2019. U.S. and China technology conflict – here's why 2020 is so critical. https://www.forbes.com/sites/zakdoffman/2020/12/29/us-and-china-technology-conflict-heres-why-2020-is-so-critical/?sh=797e5a1f175e (4 Desember 2020 geraadpleeg).

Dougherty, J.E. en R.L. Pfaltzgraff. 2001. *Contending theories of international relations: A comprehensive survey*. 5de uitgawe. New York: Pearson Education Publishing.

dod.defense.gov. 2018. Summary of the 2018 National Defense Strategy of the United States of America. https://dod.defense.gov/Portals/1/Documents/pubs/2018-National-Defense-Strategy-Summary.pdf (25 November 2020 geraadpleeg).

Dumpis, T. 2021. Prosper Africa: Morocco to become America's gateway to Africa. 4 Januarie. https://www.moroccoworldnews.com/2021/01/330512/prosper-africa-morocco-to-become-americas-gateway-to-africa (25 April 2021 geraadpleeg).

Enderwick, P. 2018. The economic growth and development effects of China's One Belt One Road Initiative. *Strategic Change*, 27:447−54.

Flint, C. en X. Zhang. 2016. The belt and road and the innovation of geopolitical theory. *Foreign Affairs Review*, 33(3):1–24.

Friend, A.H. 2018. U.S. National security and defense goals in Africa: A curious disconnect. 13 Februarie. https://www.csis.org/analysis/us-national-security-and-defense-goals-africa-curious-disconnect (10 September 2020 geraadpleeg).

Garamone, J. 2020. Defense leaders detail how Middle East, Africa fit in U.S. strategy. 10 Maart. https://www.defense.gov/Explore/News/Article/Article/2107974/defense-leaders-detail-how-middle-east-africa-fit-in-us-strategy (15 Oktober 2020 geraadpleeg).

Gearan, A. 2017. National security strategy plan paints China, Russia as U.S. competitors. 18 Desember. https://www.washingtonpost.com/politics/national-security-strategy-plan-paints-china-russia-as-us-competitors/2017/12/17/0229f95c-e366-11e7-a65d-1ac0fd7f097e_story.html (22 Desember 2020 geraadpleeg).

Glenn, J. 2019. Five questions for Prosper Africa. 24 Junie. https://www.usglc.org/blog/five-questions-for-prosper-africa (30 Julie 2020 geraadpleeg).

Goldstein, A. 2020. US–China rivalry in the twenty-first century: Déjà vu and Cold War II. *China International Strategy Review*, 2:48–62.

Haifa, S. 2017. NVS outlines a vision for "renewal" of America leadership. 26 Desember. http://www.china.org.cn/opinion/2017-12/26/content_50165417.htm (28 November 2020 geraadpleeg).

Harris, G.T. 2018. China is loaning billions of dollars to African countries. Here's why the U.S. should be worried. 30 Augustus. https://time.com/5381467/china-africa-debt-us-security (15 Desember 2020 geraadpleeg).

Hendrix, C.S. 2020. Arms and influence? Chinese arms transfers to Africa in context. 15 Julie. https://www.piie.com/blogs/realtime-economic-issues-watch/arms-and-influence-chinese-arms-transfers-africa-context (20 April 2021 geraadpleeg).

Herman, F. en A. Szanajda. 2013. The role of the Chinese media in establishing common ground between Sino-African philosophical traditions: A case study on peacekeeping operations. *Chinese Studies*, 2(1):43–9.

Honeywell.com. 2017. What is the Belt and Road Initiative? 7 September. https://www.honeywell.com/us/en/news/2017/09/what-is-the-belt-and-road-initiative (27 April 2021 geraadpleeg).

Kennedy, P. 1989. *The rise and fall of the great powers: Economic change and military conflict from 1500 to 2000*. Londen: Fontana.

Ju, H. 2015. *China's maritime power and strategy: History, national security and geopolitics.* Singapore: World Scientific Publishing.

Kissinger, H. 1995. *Diplomacy*. New York: Simon and Schuster.

Lee, C. 2018. Why democracy promotion is in the strategic interest of the United States. 11 September. https://medium.com/truman-doctrine-blog/why-democracy-promotion-is-in-the-strategic-interest-of-the-united-states-ae959c111b2f (26 November 2020 geraadpleeg).

Lim, D. 2019. The US, China and "technology war". https://globalasia.org/v14no1/cover/the-us-china-and-technology-war_darren-lim (25 April 2021 geraadpleeg).

Lippert, B. en V. Perthes. 2020. *Strategic rivalry between United States and China: Causes, trajectories, and implications for Europe*. Berlyn: German Institute for International and Security Affairs.

Liu, Y. 2019. GPI opportunity seen for US companies. 18 November. https://global.chinadaily.com.cn/a/201911/18/WS5dd2be3ea310cf3e355782fa.html (10 Oktober 2020 geraadpleeg).

Lukes, S. 2005. Power and the battle for hearts and minds. *Millennium*, 33(3):477–93.

Mazarr, M.J. 2017. Preserving the post-war order. *The Washington Quarterly*, 40(2):29–49.

Mazarr, M.J. en A.L. Rhoades, 2018. *Testing the value of the postwar international order*. Santa Monica, RAND Corporation.

Mc Innis, K.J. 2017. The 2017 National Security Strategy: Issues for Congress. https://fas.org/sgp/crs/natsec/IN10842.pdf (1 Oktober 2020 geraadpleeg).

McMaster, H.R. en G.D. Cohn. 2017. America First Doesn't Mean America Alone. 30 November. https://www.wsj.com/articles/america-first-doesnt-mean-america-alone-1496187426 (12 Oktober 2020 geraadpleeg).

Men, H. 2020. *China's grand strategy: A framework analysis*. Zurich: Springer Nature.

Morgenthau, H.J. 1993. *Politics among nations: The struggle for power and peace*. New York: McGraw Hill.

Morgenthau, H.J. 2005. *Politics among nations: The struggle for power and peace*. New York: McGraw-Hill Education.

Oke, M.O. 2019. Nigeria-China trade relations: Projections for national growth and development. *International Journal of Business and Management*, 14(11):77–98.

Olander, E. 2020. U.S.-China great power competition in Africa. 13 Julie. https://chinaafricaproject.com/analysis/u-s-china-great-power-competition-in-africa (5 November 2020 geraadpleeg).

Ortagus, M. 2020. Forty years of the Southern African Development Community. 17 Augustus. https://za.usembassy.gov/forty-years-of-the-southern-african-development-community (16 Oktober 2020 geraadpleeg).

Paquette, D. 2019. Trump administration unveils its new Africa strategy, with wins and snags. 19 June. https://www.washingtonpost.com/world/trump-administration-unveils-its-new-africa-strategy--with-wins-and-snags/2019/06/19/c751be4c-91f5-11e9-956a-88c291ab5c38_story.html (30 Augustus 2020 geraadpleeg).

Poee, T.K. 2017. U.S. Policy towards Africa under Trump. https://americanaffairsjournal.org/2017/10/u-s-policy-towards-africa-trump/#_edn20 (10 September 2020 geraadpleeg).

Qiu, L.D. en W. Xing. 2019. China–US trade: Implications on conflicts. *China Economic Journal*, 1:1–20.

Roy, D. 2020. China won't achieve regional hegemony. *The Washington Quarterly*, 43(1):101–17.

Runde, D.F. en R. Bandura, 2019. *U.S. economic engagement in Africa: Making Prosper Africa a reality*. Washington DC: Center for Strategic and International Studies.

sadc.int. 2019. SADC and US Embassy discuss issues of cooperation and international relations. 25 Februarie. https://www.sadc.int/news-events/news/sadc-and-us-embassy-discuss-issues-cooperation-and-international-relations (15 Oktober 2020 geraadpleeg).

Schweller, R.L en X. Pu, 2011. After unipolarity: China's visions of international order in an era of U.S. decline. *International Security*, 36(1):41–72.

Shalal, A. 2020. U.S. must demand transparency of Chinese debt in any debt restructuring deals: senators. 24 April. https://www.reuters.com/article/us-health-coronavirus-debt-usa-idUSKCN2260D9 (16 Desember 2020 geraadpleeg).

Signé, L. en E. Olander, 2019. Can Trump's Prosper Africa make America greater than China and other partners in Africa? 26 Junie. https://www.brookings.edu/blog/africa-in-focus/2019/06/26/can-trumps-prosper-africa-make-america-greater-than-china-and-other-partners-in-africa (15 Augustus 2020 geraadpleeg).

Singh, R.K. en B. Goh. 2018. Caterpillar drives sales on China's new Silk Road. 5 Maart. https://uk.reuters.com/article/us-caterpillar-china-b-r-idUKKBN1GG146 (21 Oktober 2020 geraadpleeg).

sipri.org.2021. SIPRI Arms Transfer Database. 15 Maart. https://www.sipri.org/databases/armstransfers (21 April 2021 geraadpleeg).

Spivak, V. 2019. Russia and China in Africa: Allies or rivals? 25 Oktober. https://carnegie.ru/commentary/80181 (20 April 2021 geraadpleeg).

Spoehr, T.W. 2020. An assessment of U.S. military power. 17 November. https://www.heritage.org/military-strength/assessment-us-military-power/us-army (25 November 2020 geraadpleeg).

Steinbock, D. 2019. America's New Africa Strategy: US, China, and economic development. 11 Januarie. https://www.foreignpolicyjournal.com/2019/01/11/americas-new-africa-strategy-us-china-and-economic-development (8 Augustus 2020 geraadpleeg).

Stone, K. 2018. President Trump Releases Legislative Outline for Infrastructure Plan: Highlights for Counties. 17 Februarie. https://www.naco.org/resources/president-trump-releases-legislative-outline-infrastructure-plan-highlights-counties (21 November 2020 geraadpleeg).

Sukhankin, S. 2020. Chinese private security contractors: New trends and future prospects. 15 Mei. https://jamestown.org/program/chinese-private-security-contractors-new-trends-and-future-prospects (1 November 2020 geraadpleeg).

Sun, Y. 2018. American companies and Chinese Belt and Road in Africa. 11 Julie. https://www.brookings.edu/blog/africa-in-focus/2018/07/11/american-companies-and-chinese-belt-and-road-in-africa (9 Oktober 2020 geraadpleeg).

Szuba, J. 2020. Africa offers US a “competitive edge” over Russia and China. 31 Januarie. https://www.thedefensepost.com/2020/01/31/us-africa-great-power-competition-townsend-africom (15 Desember 2020 geraadpleeg).

Tellis, A.J., A. Szalwinski en M. Wills. 2020. *Strategic Asia: U.S.-China competition for global influence*. Washington DC: The National Bureau of Asian Research.

The State Council Information Office of the People’s Republic of China. 2019. *China’s national defense in the new era*. Beijing: Foreign Languages Press Publishers.

Thrall, L. 2015. China’s expanding African relations: Implications for U.S. national security. www.jstor.org/stable/10.7249/j.ctt15zc655 (1 Desember 2020 geraadpleeg).

tn.usembassy.gov, 2020. USAID and the United Bank for Africa sign memorandum of understanding to advance the two-way trade and investment goals of Prosper Africa. 6 Februarie. https://tn.usembassy.gov/usaid-and-the-united-bank-for-africa-sign-memorandum-of-understanding-to-advance-the-two-way-trade-and-investment-goals-of-prosper-africa (31 Julie 2020 geraadpleeg).

Torrence, J. 2018. Strengths of the current National Security Strategy. 16 Julie. https://smallwarsjournal.com/jrnl/art/strengths-current-national-security-strategy (10 November 2020 geraadpleeg).

trade.gov.2020. Acting under secretary for international trade Joseph Semsar remarks. 6 Februarie. https://www.trade.gov/feature-article/acting-under-secretary-international-trade-joseph-semsar-remarks-february-6-2020-0 (2 Augustus 2020 geraadpleeg).

trumpwhitehouse.archives.gov. 2017. National Security Strategy of the United States of America. 18 Desember. https://trumpwhitehouse.archives.gov/wp-content/uploads/2017/12/NSS-Final-12-18-2017-0905.pdf (18 Desember 2020 geraadpleeg).

Tze, E.H. 2019. Chinese thinking about international relations: From theory to practice. *Asia Policy*, 14(3):2–5.

usaid.gov.2020. Highlights from Prosper Africa conference organized by U.S. Embassy, Tunisia & American Chamber of Commerce. 5 Maart. https://www.usaid.gov/documents/1860/highlights-prosper-africa-conference-organized-us-embassy-tunis-american-chamber (20 Julie 2020 geraadpleeg).

—. 2021. Prosper Africa. 25 Maart. https://www.usaid.gov/kenya/documents/feed-future-kenya-investment-mechanism-kim-program (26 April 2021 geraadpleeg).

ustr.gov.2020. Joint statement between the United States and Kenya on the launch of negotiations towards a free trade agreement. July 8. https://ustr.gov/about-us/policy-offices/press-office/press-releases/2020/july/joint-statement-between-united-states-and-kenya-launch-negotiations-towards-free-trade-agreement (20 Julie 2020 geraadpleeg).

Waltz, K. 2010. *Theory of international politics*. Illinois: Waveland Press.

westafricatradehub.com.2021. West Africa Trade and Investment Hub. https://westafricatradehub.com (26 April 2021 geraadpleeg).

Wiebrecht, F. 2013. *Democratic peace theory.* München: GRIN Publishers.

wilsoncenter.org.2020. The Trump Administration and U.S. Africa Policy: What has been accomplished and what lies ahead? 3 Maart. https://www.wilsoncenter.org/event/trump-administration-and-us-africa-policy-what-has-been-accomplished-and-what-lies-ahead (20 Julie 2020 geraadpleeg).

Wilkins, S. 2020. Does America need an African strategy? 2 April. https://warontherocks.com/2020/04/does-america-need-an-africa-strategy (10 Oktober 2020 geraadpleeg).

Wilson, J.L. 2019. Are China and Russia revisionist states? 6 November. https://theasiadialogue.com/2019/06/11/are-russia-and-china-revisionist-states (15 April 2021 geraadpleeg).

wilsoncenter.org.2017. Trump National Security Strategy. https://www.wilsoncenter.org/article/trump-national-security-strategy (11 Oktober 2020 geraadpleeg).

Wolfers, A. 2014. *Discord and collaboration: Essays on international politics*. Charleston: Nabu Press.

worldcat.org. 2018. Summary of the 2018 national defense strategy of the United States of America: Sharpening the American military's competitive edge. https://www.worldcat.org/title/summary-of-the-2018-national-defense-strategy-of-the-united-states-of-america-sharpening-the-american-militarys-competitive-edge/oclc/1022563224 (27 November 2020 geraadpleeg).

wsj.com.2017. The Trump doctrine, in theory. 18 Desember. https://www.wsj.com/articles/the-trump-doctrine-in-theory-1513642862 (11 Oktober 2020 geraadpleeg).

Wu, S. 2020. The U.S. vs. China: The high cost of the technology cold war. 22 Oktober. https://www.wsj.com/articles/the-u-s-vs-china-the-high-cost-of-the-technology-cold-war-11603397438 (5 Desember 2020 geraadpleeg).

Wu, X. 2020. Technology, power, and uncontrolled great power strategic competition between China and the United States. *China International Strategic Review*, 2:99–110.

xinhuanet.com. 2020. Xinhua Headlines: China-Africa cooperation continues to flourish as FOCAC marks 20th anniversary. 13 Oktober. http://www.xinhuanet.com/english/2020-10/13/c_139437656.htm (5 November 2020 geraadpleeg).

Yachyshen, D. 2020. Great power competition and the scramble for Africa. 30 April. https://www.fpri.org/article/2020/04/great-power-competition-and-the-scramble-for-africa (10 Desember 2020 geraadpleeg).

Yuan, P. 2014. China's new reforms and the new type of Sino-US relations. *Contemporary International Relations*, 11:1–6.

Zelizer, J. 2010. *The presidency of George W. Bush*. Princeton: Princeton University Press.

Zhao, M. 2018. The Trump doctrine and the strategic transformation of US-China relations. *The Chinese Journal of American Studies*, 5:34–70.

—. 2019. Is a new Cold War inevitable? Chinese perspectives on US-China strategic competition. *The Chinese Journal of International Politics*, 12(3):371–94.

Zelleke, A. 2020. What is the end game of US-China Competition?. 3 November. https://thediplomat.com/2020/11/what-is-the-end-game-of-us-china-competition (30 November 2020 geraadpleeg).